

Departement van Kultuursake en Sport Wes-Kaap

Jaarlikse Prestasieplan

2018/19

Datum van tertafellegging

6 Maart 2018

VOORWOORD

Beter samewerking ter verwesenliking van ons visie van 'n maatskaplik inklusiewe, skeppende, aktiewe en gekonnekteerde Wes-Kaap het daartoe gelei dat die Departement van Kultuursake en Sport beduidend gevorder het met die aanmoediging van voortreflikheid en inklusiwiteit in sport en kultuur – deur die doeltreffende en effektiewe aanwending van ons hulpbronne, asook deur volhoubare vennootskappe. Deur na uitnemendheid te beweeg en deur die Wes-Kaap die sport- en kultuursentrum van Suid-Afrika te maak, bly ons daartoe verbind om die omstandighede vir toegang en massadeelname, talentidentifisering en vaardigheidsontwikkeling te skep.

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan dui die maatreëls aan wat ingestel is om ons visie, missie en strategiese doelwitte te bereik in ooreenstemming met prestasieteikens in die bewilligde begroting vir die boekjaar 2018/19.

Ek het geen illusie oor die feit dat ons ter bereiking van ons strategiese doelwitte voor verskeie uitdagings te staan sal kom nie. Ek is egter vol vertroue dat hierdie departement sal voortgaan om met sorg, bevoegdheid, aanspreeklikheid, integriteit, innovasie en responsiwiteit ons mandaat aan die mense van die Wes-Kaap na te kom.

Hierdie plan is deur middel van samewerkende insette van gemeenskappe, personeel, eksterne belanghebbendes en strategiese vennote saamgestel om in die jaar vorentoe as 'n amptelike riglyn vir die departement te dien. Ek sien uit daarna om proaktief die politieke leiding te gee wat nodig is om die diversiteit van almal wat die Wes-Kaap hul tuiste noem, deur sport en kultuursake te verenig.

AMaraisx

ANROUX MARAIS, LPP

WES-KAAPSE MINISTER VIR KULTUURSAKE EN SPORT

FEBRUARIE 2018

AMPTELIKE BEKRAGTIGING

Ons, die ondergetekendes, sertifiseer hiermee dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan

- opgestel is deur die bestuur van die Departement van Kultuursake en Sport onder leiding van Minister Anroux Marais;
- voorberei is in ooreenstemming met die huidige Strategiese Plan van die Departement van Kultuursake en Sport; en
- 'n akkurate weergawe bied van die prestasieteikens wat die Departement van Kultuursake en Sport sal poog om te behaal, gegewe die hulpbronne wat in die begroting vir 2018/19 beskikbaar gestel word.

Shaun Julie

Strategiese en Operasionele Bestuursondersteuning



Handtekening

Brenda Rutgers

Hoof- Finansiële Beampte



Brent Walters

Rekenpligtige Beampte



Handtekening

Goedgekeur deur:

Anroux Marais

Uitvoerende Gesag



Handtekening

INHOUD

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG	8
1. Visie	8
2. Missie	8
3. Waardes	8
4. Wetgewende en ander mandate	8
4.1 Grondwetlike mandate	8
4.2 Wetgewende mandate	10
4.3 Beleidsmandate	14
4.4 Toepaslike hofbeslissings	31
4.5 Beplande beleidsinisiatiewe	32
5. Situasië-ontleding	32
5.1 Prestasie-omgewing	34
5.2 Organisasie-omgewing	45
5.3 Beskrywing van die strategiese beplanningproses	49
6. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte van die departement	50
7. Oorsig van 2018/19-begroting en MTUR-beramings	52
7.1. Beraming van uitgawes	52
7.2. Die verband tussen uitgawetendense en strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte	52
DEEL B: PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING	53
8. Program 1: Administrasie	53
8.1. Strategiese doelwitte	54
8.2. Strategiese doelwit jaarlikse teikens vir 2018/19	54
8.3. Risikobestuur	54
8.4. Programprestasie-aanwysers en jaar- en kwartaalteikens vir 2018/19	55
8.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	56
9. Program 2: Kultuursake	57
9.1. Strategiese doelwitte	57
9.2. Strategiese doelwit jaarlikse teikens vir 2018/19	58
9.3. Risikobestuur	59
9.4. Programprestasie-aanwysers en jaar- en kwartaalteikens vir 2018/19	60
9.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	63
10. Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste	64
10.1. Strategiese doelwitte	64
10.2. Strategiese doelwit jaarlikse teikens vir 2018/19	65

10.3. Risikobestuur.....	65
10.4. Programprestasi-aanwysers en jaarteikens vir 2018/19.....	67
10.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR.....	70
11. Program 4: Sport en Ontspanning.....	71
11.1. Strategiese doelwitte.....	72
11.2. Strategiese doelwit jaarlikse teikens vir 2018/19.....	73
11.3. Risikobestuur.....	74
11.4. Programprestasi-aanwysers en jaarteikens vir 2018/19.....	75
11.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR.....	78
DEEL C: SKAKELS MET ANDER PLANNE.....	80
12. Skakels met die langtermyn-infrastruktuur- en ander kapitaalplanne.....	80
13. Voorwaardelike toelaes.....	80
14. Openbare entiteite.....	86
15. Publieke-private vennootskappe.....	86
BYLAE A: VERANDERINGE AAN STRATEGIESE PLAN.....	87

Akronieme

AARP	Algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk
CASMIS	Die bestuursinligtingstelsel van Kultuursake en Sport
DH	Departementshoof
DKES	Departement van Kultuursake en Sport
DKK	Nasionale Departement van Kuns en Kultuur
DLVP	Diensleweringverbeteringsplan
DMO	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
DSA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
EE	Diensbillikheid
EWK	Erfenis Wes-Kaap
GBBP	Geïntegreerde bewaringsbestuursplan
GBP	Gebruiker-batebestuursplan
GBI	Gesamentlike beplanningsinisiatief
GIW	GOP Indaba-werkgroep
GOP	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
GWM&E-stelsel	Regeringswye monitering- en evalueringstelsel
HFB	Hoof Finansiële Beampte
IKT	Inligting-en-kommunikasietegnologie
IRV	Interregeringsverhoudinge
KvW	Koste van Werknemers
LBKP	Landelike Biblioteekkonnektiwiteitprojek
LPP	Lid van die Provinsiale Parlement
LUR	Lid van die [Provinsiale] Uitvoerende Raad (provinsiale Minister)
M & E	Monitering en evaluering
MGO	Massadeelname; geleentheid en toegang; ontwikkeling en groei
MH	Menslike Hulpbronne
MTSR	Mediumtermyn- strategiese raamwerk
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
MVV	Memorandum van verstandhouding
NER	Nasionale Erfenisraad
NKR	Nasionale Kwalifikasie Raamwerk
NKR	Nasionale Kunsteraad
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie 2030
NRO	Nieregeringsorganisasie
NSOP	Nasionale Sport- en Ontspanningsplan
NSSW	Naskool-Spelwisselaar
NU	Nasionale uitkoms
OIB	Ondernemingsinhoudsbestuur
ORB	Ondernemingsrisikobestuur

PALAMA	Staatsdiens se akademie vir leierskap en bestuur
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PK	Provinsiale kennisgewing
PMG	Persone met gestremdhede
PSD	Provinsiale strategiese doelwit
PTK	Provinsiale Taalkomitee van PanSAT
ROR	Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk
RSA	Republiek van Suid-Afrika
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap
SASKOK	Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee
SBD	Senior bestuursdiens
SCMPP	Siyadlala-program vir gemeenskapsmassadeelname
Se-I	Sentrum vir e-Innovasie
SOSA	Sport en Ontspanning Suid-Afrika (die nasionale departement verantwoordelik vir sport en ontspanning)
SSMDP	Skoolsport Massadeelnameprogram
UK	Universiteit Kaapstad
Unesco	United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization
UOWP	Uitgebreide Openbarewerkeprogram
UWK	Universiteit van Wes-Kaapland
VKB	Voorsieningskanaalbestuur
WK	Wes-Kaap
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
WKOD	Wes-Kaap Onderwysdepartement
WKPKGKGN	Wes-Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name
WKR	Wes-Kaapse Regering
WTKK	Wes-Kaapse Taalkomitee
WNEH	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
WOSA	Hele-samelewing-benadering
WOVI	Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

1. Visie

'n Maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap.

2. Missie

Ons moedig uitmuntendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur aan deur middel van die doeltreffende, bevoegde en volhoubare gebruik van ons hulpbronne asook deur middel van kreatiewe vennootskappe met ander. Deur na uitnemendheid te beweeg en deur die Wes-Kaap die sport- en kultuursentrum van Suid-Afrika te maak, sal ons die omstandighede skep vir toegang en massadeelname, talentidentifisering en vaardigheidsontwikkeling.

3. Waardes

Sorg, Bevoegdheid, Verantwoordbaarheid, Integriteit, Innovasie en Reaksie.

4. Wetgewende en ander mandate

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) beskou as bindend die wetgewende mandaat waarop sy totale funksionering gegrond is, veral doeltreffende, billike en toeganklike dienslewering, gegrond op die nasionale regering se Witskrif oor Transformasie van Openbare Dienslewering, die *Batho Pele*-inisiatief. Die DKES funksioneer binne die wetgewende en beleidsmandate wat in die tabelle hier onder beskryf word.

4.1 Grondwetlike mandate

Afdeling	Beskrywing
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 6(3) en (4): Taal	Die Wes-Kaapse Regering (WKR) moet deur middel van wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van amptelike tale reguleer en monitor. Alle amptelike tale moet gelykheid van aansien geniet en gelyk behandel word. Die Wes-Kaapse Taalkomitee (WTK), in oorleg met die DKES, is verantwoordelik daarvoor om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid, wat in 2001 aanvaar is, te monitor en evalueer en moet minstens jaarliks aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor hierdie mandaat verslag doen. Die DKES het toesig oor die WTK en verskaf administratiewe en finansiële ondersteuning aan die komitee.
Artikel 30: Taal en Kultuur	Die DKES fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hul taal- en kultuurregte uit te oefen deur die programme en projekte wat deur die departement aangebied en ondersteun word.
Artikel 31: Kultuur-, godsdiens- en taal-gemeenskappe	Die DKES moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele en linguistieke diversiteit van die Wes-Kaapse bevolking respekteer.
Artikel 41: Beginsels van regering van	Die DKES werk met alle vlakke van regering saam. Met betrekking tot die spesifieke mandate werk die DKES nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur (DKK) en Sport en Ontspanning Suid-Afrika (SOSA, die nasionale departement verantwoordelik vir sport en

Afdeling	Beskrywing
samewerking en interregeringsbetrekkings	ontspanning); nasionale en provinsiale openbare entiteite; en met munisipaliteite in die Wes-Kaap.
Artikel 156(4): Toewysing van magte	<p>Die DKES moet by wyse van 'n ooreenkoms en behoudens enige toepaslike voorwaardes die administrasie van 'n aangeleentheid wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 vermeld word en wat noodsaaklikerwys op plaaslike regering betrekking het, aan 'n munisipaliteit opdra of delegeer indien—</p> <ul style="list-style-type: none"> • daardie aangeleentheid die doeltreffendste plaaslik geadministreer sou kon word; en • die munisipaliteit die vermoë het om dit te administreer. <p>Die DKES fasiliteer die lewering van openbare biblioteekdienste, wat plaaslike regering as 'n onbefondsde mandaat beskou. Hierdie dienste word gelewer in samewerking met die Nasionale Tesourie en die nasionale Departement van Kuns en Kultuur deur die Voorwaardelike Toelae vir Gemeenskapsbiblioteke, met verdere ondersteuning van Provinsiale Tesourie se munisipale vervangingsbefondsing.</p>
Bylae 4: Funksionele gebiede van konkurrense nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	<p>Kultuuraangeleenthede:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES werk nou saam met die DKK en verwante staatsorgane rakende konkurrense kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede. <p>Taalbeleid en die regulering van amptelike tale, in soverre die bepalings van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Provinsiale Wetgewer opdra:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES werk nou saam met die DKK en verwante staatsorgane rakende taalbeleid-aangeleenthede.
Bylae 5: Funksionele gebiede van eksklusiewe provinsiale wetgewende bevoegdheid	<p>Argiewe buiten en behalwe nasionale argiewe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende argiewe buiten en behalwe nasionale argiewe op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die departement is verantwoordelik vir die lewering van die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens. <p>Biblioteke buiten en behalwe nasionale biblioteke:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende biblioteke buiten en behalwe nasionale biblioteke op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die departement is verantwoordelik vir die lewering van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en om nou saam te werk met openbare biblioteekowerhede om 'n openbare biblioteek- en inligtingsdiens te lewer. <p>Museums buiten en behalwe nasionale museums:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES het 'n mandaat om eksklusiewe provinsiale wetgewing rakende museums buiten en behalwe nasionale museums op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die departement is verantwoordelik vir die lewering van die provinsiale Museumdiens, om nou saam te werk met geaffilieerde museums en om hierdie museums te ondersteun. <p>Provinsiale kultuuraangeleenthede (met inbegrip van erfenishulpbronbestuur en geografiese name):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES voorsien Erfenis Wes-Kaap (EWK) – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (WNEH) – van personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe ondersteuning om sy wetlike mandaat uit te voer en te administreer. Die LUR [Lid van die (Provinsiale) Uitvoerende Raad] stel die Raad van EWK aan en is die aangestelde erfenis-appèlowerheid vir erfenis in die Wes-Kaap. • Die DKES lewer professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name (WPKPGN) om openbare oorlegpleging in verband met die standaardisasie van en veranderinge aan geografiese name te fasiliteer. Na afhandeling van konsultasie doen die provinsiale komitee aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name. <p>Sport:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES het 'n mandaat om te help met die skep van 'n instaatstellende omgewing vir provinsiale sport- en ontspanningsaktiwiteite.
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer	<p>DKES-amptenare is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van artikel 195. Hierdie artikel gee 'n beskrywing van die demokratiese waardes en beginsels wat die werk van openbare amptenare beheer. Artikel 195(1)(b) vereis dat die doeltreffende, ekonomiese en effektiewe gebruik van hulpbronne bevorder moet word. Programme wat in die openbare sektor onderneem word, moet dus die maksimum voordele teen die laagste moontlike koste lewer.</p>

Afdeling	Beskrywing
Artikel 92 en 133	<p>Artikel 92 bepaal dat lede van die Kabinet gesamentlik en afsonderlik teenoor die Parlement aanspreeklik is vir die uitoefening van hulle bevoegdhede en die verrigting van hulle funksies en dat hulle die Parlement van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hulle beheer moet voorsien.</p> <p>Artikel 133 bepaal dat die LUR'e van 'n provinsie gesamentlik en afsonderlik teenoor die provinsiale wetgewer aanspreeklik is vir die uitoefening van hulle bevoegdhede en die verrigting van hulle funksies, en dat hulle die wetgewer van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hulle beheer moet voorsien.</p>
Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1998)	
Artikel 5	<p>Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Regering moet:</p> <ul style="list-style-type: none"> die amptelike tale Afrikaans, Engels en isiXhosa gebruik word; en moet hierdie tale gelyke status geniet. <p>Die WKR moet deur wetgewing en ander maatreëls die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa reguleer en monitor.</p> <p>Die WKR moet ook praktiese en positiewe maatreëls instel om die status van die inheemse tale van die mense van die Wes-Kaap, waarvan die status en gebruik histories ingekort is, te verhoog en die gebruik daarvan bevorder.</p>
Artikel 70	<p>Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die instelling en redelike befondsing, binne die Wes-Kaapse Regering se beskikbare hulpbronne, van 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die provinsie wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel.</p> <p>Registrasie van en steun vir kultuurrade:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) is belas met die registrasie van en steun vir geregistreerde kultuurrade. Die DKES hou toesig oor die WKKK en voorsien die kommissie van administratiewe en finansiële ondersteuning.
Artikel 81	<p>Die Wes-Kaapse Regering moet aktief beleide aanneem en implementeer om die welsyn van die mense van die provinsie te bevorder en te handhaaf, insluitend beleide wat daarop gemik is om die volgende te bereik:</p> <ul style="list-style-type: none"> die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige geslag en die nageslag. <p>Die DKES het spesifieke beleide om die implementering van hierdie bepalings te ondersteun.</p>
Artikel 82	<p>Die rigtinggewende provinsiale beleid in Hoofstuk 10 (artikel 81) rig die Wes-Kaapse Regering in die opstel en toepassing van wette.</p>

4.2 Wetgewende mandate

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Openbare Administratiewe Bestuur, 2014	Wet 11 van 2014	<p>Om die basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer, soos na verwys in artikel 195(1) van die Grondwet, te beheer; om voorsiening te maak vir die oorplasing en sekondering van werknemers in die openbare administrasie; om die bedryf van sake met die Staat te reguleer; om voorsiening te maak vir kapasiteitsontwikkeling en -opleiding; om voorsiening te maak vir die vestiging van 'n Nasionale Skool van Regering; om voorsiening te maak vir die gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie in die openbare administrasie; om die Eenheid vir Etiek, Integriteit en Dissiplinêre Tegnieke Bystand in Openbare Administrasie in te stel; om voorsiening te maak vir die Minister om minimum norme en standaarde vir openbare administrasie te stel; om die Kantoor van Standaarde en Nakoming te vestig om nakoming van minimum norme en standaarde te verseker; om die Minister te bemagtig om regulasies op te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB): <ul style="list-style-type: none"> • reguleer finansiële bestuur in nasionale en provinsiale regerings, genoteerde openbare entiteite, grondwetlike instellings en provinsiale wetgewers; • verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van hierdie instellings doeltreffend en doelmatig bestuur word; en • omskryf die verantwoordelikhede van persone aan wie die finansiële bestuur van hierdie liggame toevertrou is.
Staatsdienswet, 1994 (soos gewysig deur, <i>inter alia</i> , die Staatsdiens-wysigingswet, 2007)	Proklamasie 103, Staatskoerant 15791 van 3 Junie 1994 en Wet 30 van 2007.	Hierdie Wet maak voorsiening vir die organisasie en administrasie van die DKES, die regulering van die diensvoorwaardes, ampstermyn, dissipline, affrede en ontslag van lede van die staatsdiens en verwante aangeleenthede.
Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)	Hierdie Wet word jaarliks hernu.	Die Wet op die Verdeling van Inkomste (WOVI) doen elke jaar die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • maak voorsiening vir die billike verdeling van inkomste wat nasionaal gevorder word tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke van regering; • bepaal elke provinsie se billike aandeel van die provinsiale aandeel van daardie inkomste; en • doen toekennings aan provinsies, plaaslike regering of munisipaliteite uit die nasionale regering se deel van daardie inkomste, onderworpe aan voorwaardes. Die DKES ontvang voorwaardelike toelaes van die nasionale regering en is verantwoordelik vir die bestuur van hierdie fondse.
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie Wet gee uitvoering aan die reg om toegang te verkry tot rekords wat deur die staat, regeringsinstellings en privaat liggame besit word. Die DKES en enige ander openbare en privaat liggaam moet onder meer: <ul style="list-style-type: none"> • 'n handleiding opstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek in te dien vir toegang tot inligting wat daardie liggaam besit; en • 'n inligtingsbeampte aanstel om aansoeke vir toegang tot inligting wat die liggaam besit, te oorweeg.
Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet: <ul style="list-style-type: none"> • sit die reëls en riglyne uiteen wat administrateurs moet volg wanneer besluite geneem word; • vereis dat administrateurs mense inlig oor hul reg op hersiening of appèl en hulle reg om redes te versoek; • vereis dat administrateurs redes gee vir hulle besluite; en • gee aan lede van die publiek die reg om besluite van administrateurs in die hof te bevraagteken.
Wet op Kulturele Instellings, 1998	Wet 119 van 1998	Die DKES moet met nasionaal verklaarde kulturele instellings rakende kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede skakel en saamwerk.
Wet op Bevordering van Kultuur, 1983	Wet 35 van 1983	Hierdie wetgewing is aan die Wes-Kaap toegeken en die DKES is verantwoordelik om die bepalings van die Wet na te kom.
Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad), 1989	Wet 65 van 1989	Hierdie wetgewing is aan die Wes-Kaap toegeken en die DKES is verantwoordelik om die bepalings van die Wet na te kom.
Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996	Wet 43 van 1996	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om op die Adviesraad vir die Nasionale Argiewe te dien. Die departement is ook verantwoordelik vir die nakoming van nasionale norme en standaarde wat onder hierdie Wet ingestel is.
Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997	Wet 56 van 1997	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om op die Nasionale Kunsteraad (NKR) te dien, vir samewerking en koördinerende met die NKR en vir die administrasie van NKR-befondsing vir die ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999	Wet 11 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse verteenwoordiger om op die Nasionale Erfenisraad (NER) te dien en vir samewerking met en koördinerings van aktiwiteite wat met die befondsing en projekte van die NER in die Wes-Kaap verband hou.
Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	Die DKES verseker nakoming van die WNEH deur toesig te hou oor die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger, verkieslik 'n lid van die Raad van Erfenis Wes-Kaap, om op die Raad van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronneprogram (SAEHA) te dien. Die DKES verseker ook nakoming van die bepaling dat die LUR 'n Raad vir EWK – die provinsiale owerheid vir erfenishulpbronne wat ingevolge die WNEH aangestel is – moet aanstel. Die departement is verantwoordelik vir skakeling en samewerking met SAEHA, EWK en munisipaliteite insake die bestuur van erfenishulpbronne. Die DKES lewer ook bystand aan die LUR met appèlle wat by hom of haar teen besluite van EWK ingedien word.
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995	Hierdie Wet vereis onder meer dat die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) 'n Provinsiale Taalkomitee (PTK) in elke provinsie moet instel. PanSAT het die bevoegdheid om 'n bestaande PTK as die PanSAT-PTK te erken indien dit die komitee as voldoende verteenwoordigend van die taalbelange in daardie provinsie beskou. PanSAT doen verslag oor die werk van die Wes-Kaapse Taalkomitee as die werk van sy PTK vir die Wes-Kaap.
Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998	Wet 118 van 1998	Die DKES is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings in hierdie Wet om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger te benoem om op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name te dien; om geografiese name in die Wes-Kaap na te vors; om standaardisering te verseker; en, waar nodig, om openbare raadpleging oor voorgestelde veranderinge aan hierdie name te fasiliteer. Die departement verskaf professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name. Wanneer raadpleging afgehandel is, doen die WPKGN aanbevelings by die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.
Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die aanstel van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om op die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisadvieskomitee te dien. Die departement is ook verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van die Wet op die Wêrelderfeniskonvensie rakende die benoeming van potensiële terreine vir die Suid-Afrikaanse Voorlopige Lys en die benoeming van terreine vir die Suid-Afrikaanse Voorlopige Lys vir aandag deur Unesco se Wêrelderfeniskomitee.
Wet op Nasionale Sport en Ontspanning, 1998	Wet 110 van 1998	Hierdie Wet maak voorsiening vir die bevordering en ontwikkeling van sport en ontspanning en die koördinerings van verhoudings tussen SOSA, SASKOK (die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee), sportfederasies, sportrade en ander agentskappe. Die Wet maak verder voorsiening vir maatreëls wat daarop gerig is om wanbalans in sport en rekreasie reg te stel; gelykheid en demokrasie in sport en ontspanning te bevorder; en meganismes vir geskilbeslegting in sport en ontspanning te voorsien.
Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013	Wet 4 van 2013	Die Wet bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en privaat liggames geprosesseer word; om sekere voorwaardes daar te stel ten einde minimum vereistes vir die prosessering van persoonlike inligting te vestig. Daarbenewens maak die Wet voorsiening vir die instelling van 'n Inligtingsreguleerder om sekere bevoegdhede uit te oefen en om sekere pligte en werksaamhede ingevolge hierdie Wet en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, te verrig. Die Wet maak ook voorsiening vir die uitreiking van gedragskodes; vir die regte van persone met betrekking tot ongeoorloofde elektroniese kommunikasie en geoutomatiseerde besluitneming; om die vloei van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek te reguleer; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Provinsiale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998	Wet 13 van 1998 (Wes-Kaap)	<p>Die Wes-Kaapse Taalkomitee wat deur hierdie Wet ingestel is, moet onder meer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur die Wes-Kaapse Regering monitor; • aanbevelings doen by die LUR en die Provinsiale Parlement oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyke en beleid wat regstreeks of onregstreeks met taal in die Wes-Kaap verband hou; • die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder; • die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder; • die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalaangeleenthede in die Provinsie adviseer; en • PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap adviseer. <p>Die DKES het toesig oor die WKTK en voorsien hierdie komitee van administratiewe en finansiële ondersteuning.</p>
Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissies en Kultuurrade, 1998	Wet 14 van 1998 (Wes-Kaap)	<p>Hierdie Wet stel die Wes-Kaapse Kultuurkommissie in om onder meer oorweging te skenk aan die registrasie en deregistrasie van kultuurrade wat verteenwoordigend is van gemeenskappe wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel. Die WKTK kan ook aanbevelings maak oor:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die visuele, uitvoerende en literêre kunste; • die natuur- en geesteswetenskappe; • kultuurgeskiedenis; en • die jeug se bewustheid van benutbaarheid by kultuur. <p>Die DKES het toesig oor die WKTK en voorsien administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie.</p>
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies, 2002	PK 336 van 25 Oktober 2002	<p>Die DKES hou toesig oor Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale owerheid vir erfenishulpbronne wat ingevolge die WNEH aangestel is – en verleen administratiewe en finansiële ondersteuning aan EWK. Die LUR is verantwoordelik vir die instelling van die owerheid en die aanstelling van 'n raad vir elke opeenvolgende ampstermyn. (Engelse weergawe)</p>
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies, 2003	PK 298 van 29 Augustus 2003	<p>Die DKES hou toesig oor Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale owerheid vir erfenishulpbronne wat ingevolge die WNEH aangestel is – en verleen administratiewe en finansiële ondersteuning aan EWK. Die LUR is verantwoordelik vir die instelling van die owerheid en die aanstelling van 'n raad vir elke opeenvolgende ampstermyn. (Afrikaanse en isiXhosa-weergawe)</p>
Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005	Wet 3 van 2005 (Wes-Kaap)	<p>Hierdie Wet stel die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap in om staats- en nie-staatsrekords van blywende waarde vir gebruik deur die publiek en die staat te bewaar; om daardie rekords toeganklik te maak; om die gebruik daarvan deur die publiek te bevorder; en om vir die behoorlike bestuur en versorging van openbare rekords voorsiening te maak.</p>
Ordonnansie op Museums, 1975	Ordonnansie 8 van 1975 (Kaapprovinsie)	<p>Die DKES is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie in soverre dit geaffilieerde museums in die Wes-Kaap raak. Nuwe provinsiale museumwetgewing word in oorleg met toepaslike belanghebbendes opgestel.</p>
Ordonnansie op Oude Kerk Volksmuseum Van 't Land van Waveren (Tulbagh), 1979	Ordonnansie 11 van 1979 (Kaapprovinsie)	<p>Die DKES is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie om die sake van die Oude Kerk Volksmuseum in Tulbagh te beheer.</p>
Ordonnansie op Provinsiale Biblioteekdiens, 1981	Ordonnansie 16 van 1981 (Kaapprovinsie)	<p>Die DKES is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie wat op provinsiale biblioteke in die Wes-Kaap betrekking het.</p>

4.3 Beleidsmandate

NASIONALE BELEIDSKONTEKS

Die belangrikste dwarsliggende nasionale planne waarop die departement se planne reageer, is die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTSR) 2015-2019.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan is daarop gerig om armoede uit te skakel en om ongelykheid teen 2030 te verminder. Dit gee ook 'n breë strategiese raamwerk om leiding te gee ten opsigte van belangrike besluite en aksies. Dit sit 'n samehangende en holistiese benadering tot die konfrontering van armoede en ongelykheid uiteen op grond van die ses gefokusde, onderling verwante prioriteite wat hier onder opgesom word:

- Verenig alle Suid-Afrikaners rondom 'n gemeenskaplike program om welvaart en gelykheid te bereik.
- Bevorder aktiewe burgerskap om ontwikkeling, demokrasie en verantwoordbaarheid te versterk.
- Bewerkstellig vinniger ekonomiese groei, groter belegging en groter arbeidsabsorpsie.
- Fokus op sleutelvermoëns van mense en die staat.
- Bou 'n bekwame en ontwikkelende staat.
- Moedig sterk leierskap in die gemeenskap aan om saam te werk en probleme op te los.

Om alle Suid-Afrikaners rondom 'n gemeenskaplike program te verenig, sê die NOP dat “kuns en kultuur kragtige ruimtes open vir debat oor waar 'n 'n gemeenskap homself bevind en waarheen hy op pad is. Indien dit doeltreffend bevorder word, kan die kreatiewe en kulturele bedrywe aansienlik bydra tot die ontwikkeling tot van klein besighede, werkskepping en die ontwikkeling en vernuwing van stedelike gebiede.”

Om op sleutelvermoëns van mense en die staat te fokus, sê die NOP dat “sport 'n belangrike rol speel in die bevordering van welsyn en maatskaplike samehang”. Sport word in die NOP beskou as 'n aangeleentheid wat bydra tot opvoeding, gesondheid en nasiebou.

Volgens die Nasionale Ontwikkelingsplan se Visie 2030 verskaf kuns, kultuur en erfenis ook geleenthede om aandag te gee aan uitkomst wat gerig is op maatskaplike samehang/insluiting en nasiebou.

In ooreenstemming met die Nasionale Ontwikkelingsplan het die regering 'n Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTSR) opgestel wat ontwerp is om leiding te gee aan beleid en programme gedurende die vyfjaartydperk van 2015-2019. Die MTSR is die eerste vyf-jaar-boublok vir die uitvoering van die Nasionale Ontwikkelingsplan. Die MTSR bevat 14 prioriteitsuitkomst:

Nasionale uitkoms 1	Basiese opvoeding van hoë gehalte
Nasionale uitkoms 2	'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners.
Nasionale uitkoms 3	Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig.
Nasionale uitkoms 4	Behoorlike indiensneming deur middel van inklusiewe groei
Nasionale uitkoms 5	'n Geskoolde en bekwame werksmag om 'n inklusiewe pad van groei te ondersteun
Nasionale uitkoms 6	'n Doeltreffende, mededingende en reagerende ekonomiese infrastruktuurnetwerk

Nasionale uitkoms 7	Lewendige, billike, volhoubare landelike gemeenskappe wat tot voedselsekureit vir almal bydra
Nasionale uitkoms 8	Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde gehalte van huishoudelike lewe
Nasionale uitkoms 9	Reagerende, aanspreeklike, doeltreffende en effektiewe plaaslike regering
Nasionale uitkoms 10	Beskerm en versterk ons omgewingsbates en natuurlike hulpbronne
Nasionale uitkoms 11	Skep 'n beter Suid-Afrika, 'n beter Afrika en 'n beter wêreld
Nasionale uitkoms 12	'n Doeltreffende, effektiewe en ontwikkelingsgerigte staatsdiens
Nasionale uitkoms 13	Maatskaplike beveiliging
Nasionale uitkoms 14	'n Diverse, maatskaplik samehangende samelewing met 'n gemeenskaplike nasionale identiteit

Die departement se bydrae tot die bereiking van die 14 nasionale uitkomste is soos volg:

NATIONALE UITKOMS	DEPARTEMENTELE BYDRAE
1	<p>'n Groot gedeelte van die departement se begroting word bestee aan die lewering van biblioteekdienste en die aankoop van biblioteekmateriaal ter ondersteuning van die verbetering van geletterdheidsuitkomste.</p> <p>Die MGO-program fokus op naskoolse aktiwiteite vir skoolgaande kinders. Daar is tans 181 skoolgebaseerde MGO-sentrums in die provinsie. Leerderdeelname by MGO-sentrums dra by tot positiewe leerderbywoning by skole, leerderdisipline en spanwerk en dit behou leerders se belangstelling in skoolbywoning. Hierbenewens word leerders by MGO-sentrums geleer deur middel van 'n gestruktureerde leerplan en lesplanne wat ook op die ontwikkeling van lewensvaardighede fokus.</p> <p>Die departement bied argiefbewustheidswerkwinkels by skole aan om leerders aan te moedig om argiefmateriaal te gebruik om historiese en genealogiese opvoedkundige hulpbronne aan te vul.</p>
2	<p>Die departement bevorder aktiewe ontspannings- en sportaktiwiteite vir die provinsie. Ontspanning en sport bevorder 'n etos van lewenslange aktiwiteit. Die kultuurfasiliteite word NRO's, gemeenskapsorganisasies en regeringsdepartemente vir kuns- en kultuuraktiwiteite gebruik om maatskaplike insluiting en welstand te bevorder, en om die jeug bloot te stel aan 'n omgewing wat 'n gesonde alternatief is tot die maatskaplike euwels wat ons samelewing teister.</p>
3	<p>Die Witskrif vir Sport en Ontspanning (2012) beklemtoon die belangrikheid van sport in pogings om misdaad te verminder.</p> <p>Die MGO-Program sluit 'n gestruktureerde leerplan en lesplanne in wat ook op die ontwikkeling van lewensvaardighede fokus.</p> <p>Skoolgaande leerders neem deel aan naskoolse aktiwiteite by skoolgebaseerde MGO-sentrums, wat 'n veilige ruimte en omgewing skep vir deelname aan prettige aktiwiteite, speletjies, ontspanning, sport, kuns, kultuur. Akademiese aktiwiteite vind ook plaas.</p>

NASIONALE UITKOMS	DEPARTEMENTELE BYDRAE
4	<p>Die aanbieding van groot geleenthede bevorder sporttoerisme. Die departement werk saam met sportfederasies in die provinsie wat toegang kry tot befondsing vir groot geleenthede.</p> <p>Die MGO-program verskaf werksgeleenthede vir baie mense uit gemeenskappe waar die program aangebied word. Die YearBeyond-program bied elke jaar meer as een honderd vrywilligergeleenthede aan ons jeug, asook uitgebreide opleiding in leierskap en 'n deur na werkgeleenthede. 61 persent van die 2016-kohort vrywilligers het tot hede na indiensneming of studies gevorder en die res gaan voort met vrywillige werk.</p> <p>Die ondersteuning en befondsing van kultuurtoerisme deur middel van feeste regdeur die provinsie dra tot werkskepping by.</p>
5	<p>UOWP-werksgeleenthede word in die kultuur- en maatskaplike sektore verskaf. Die departement fasiliteer werksgeleenthede en verskeie kapasiteitsbougeleenthede deur middel van programme wat daarop gerig is om jeugdige te help om vaardighede te verwerf om hulle toetred tot die arbeidsmark te fasiliteer.</p>
6	<p>Die projek vir die konneksie vir landelike biblioteke word by landelike openbare biblioteke geïmplementeer en in stand gehou. Die projek word uitgebrei met die daarstel van toegang tot Wi-Fi.</p>
7	<p>Biblioteke word in landelike gebiede met klein bevolkings gevestig om toegang tot biblioteekfasiliteite te bied.</p> <p>Klubs in landelike gebiede word deur middel van die Klubontwikkelingsprogram ondersteun. MGO-sentrums en Plaas- en/of gemeenskapontspanningsentrums lewer sport- en ontspanningsdienste aan landelike gemeenskappe. Landelike MGO-sentrums word ook by 'n voedingsprogram ingesluit.</p>
8	<p>Erfenishulpbronbestuur is 'n integrale deel van die beplanning en bestuur van infrastruktuurontwikkeling. As sodanig poog die departement om in vennootskap met munisipaliteite seker te maak dat erfenis op die vroegste stadium van beplanning by stads- en streekbeplanning en ontwikkeling ingesluit word.</p> <p>Die bevoorrading van sportfasiliteite word saam met alle munisipaliteite en sportfederasies gefasiliteer ten einde sport in alle gemeenskappe in die provinsie te ontwikkel en stroombelyn.</p>
9	<p>Die Rekordbestuurprogram help regeringsliggame, met inbegrip van munisipaliteite, om rekords te bestuur om verantwoordbaarheid en goeie regering te verbeter.</p> <p>Die departement demonstreer ook sy verbintenis tot GOP-belyning deur GOP-samesprekings met plaaslike regering.</p>
10	<p>Die MGO-program sluit bewusmakingsprogramme in wat skoolgaande jeug bewus maak van die natuur en hulle leer om dit te respekteer.</p>
11	<p>Ter ondersteuning van streek- en kontinentale integrasie, bevorder die DKES Afrika-maand-program Afrika-trots om maatskaplike insluiting te koester en xenofobie uit te wis.</p>

NASIONALE UITKOMS	DEPARTEMENTELE BYDRAE
12	<p>Sport en ontspanning in die provinsie word aangedryf deur die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan en dienste word in vennootskap met die burgerlike samelewing, sportfederasies, sportrade en munisipaliteite gelewer.</p> <p>Die ontwikkeling van 'n Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) verseker dat die departement fokus op 'n program om geïdentifiseerde dienste te versterk en verbeter.</p>
13	-
14	<p>Die departement bevorder die grondwetlike waardes en nasionale simbole deur uitstallings, openbare programme, gemeenskapsgesprekke, opvoedkundige programme, die bestuur van erfenishulpbronne, jeugontwikkeling, sport en ontspanning, en ander skoolprogramme.</p> <p>Erfenis Wes-Kaap, 'n provinsiale openbare entiteit wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne ingestel is, is verantwoordelik vir die identifisering, beskerming, bewaring, bevordering en bestuur van erfenishulpbronne van betekenis wat ons gedeelde waardes en identiteit weerspieël.</p> <p>Die Wes-Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name moedig maatskaplike insluiting deur bewusmaking van en ondersteuning vir die (her)benoemingsproses aan. Die departement se programme en aktiwiteite word ondersteun deur lewendige openbaredeelnameprosesse.</p> <p>Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie se oogmerk is om kultuur te bevorder, te bewaar en te ontwikkel. Die programme wat deur die WKKK ondersteun word, is daarop gerig om kulturele praktyke te bevorder en te bewaar, en poog om 'n waardering en agting vir die diverse kulture in die Wes-Kaap te skep.</p> <p>Die departement dra deur middel van vertalings- en tolkdienste by tot maatskaplike insluiting/samehorigheid deur kommunikasie in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap te verbeter. Die Wes-Kaapse Taalkomitee moniteer en evalueer die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid.</p> <p>Deur middel van kuns- en kultuurprogramme verskaf die departement geleenthede vir die jeug, vrouens, kinders en mense met gestremdhede uit diverse gemeenskappe om met mekaar te skakel en om kuns- en lewensvaardighede aan te leer. Hierdie geleenthede vir kwesbare en gemarginaliseerde persone bied platforms vir maatskaplike interaksie en dialoog, terwyl maatskaplike insluiting/samehang tussen gemeenskappe versterk word.</p> <p>Museums vier verskeie nasionale gedenkdae met uitreik- en openbare programme wat maatskaplike insluiting/samehorigheid bevorder. Uitstallings weerspieël al hoe meer voorheen verwaarloosde aspekte van plaaslike en die kollektiewe Suid-Afrikaanse geskiedenis en dra verder by tot maatskaplike insluiting/samehorigheid.</p> <p>Biblioteke dien as sentrums vir gemeenskappe, wat maatskaplike samehorigheid bevorder en ondersteun.</p> <p>Ontspanning, MGO-programme en skoolportaktiwiteite wat in verskeie munisipaliteite plaasvind, ondersteun positiewe maatskaplike, ontspannings- en sportwisselwerking binne gemeenskappe.</p> <p>Gemeenskappe word aangemoedig om mondelinge geskiedenis vir maatskaplike insluiting by te dra en om meer oor hul erfenis te wete te kom deur toegang tot argiefmateriaal te verkry – sodoende word identiteite en maatskaplike insluiting versterk.</p>


NASIONALE UITKOMS	DEPARTEMENTELE BYDRAE
	Sportbefondsing word oorgedra aan sportfederasies in die provinsie wat daarvoor aansoek doen en kwalifiseer.

Die volgende nasionale beleide en strategieë het ook betrekking op die departement se beleidsmandaat:

Beleid	Beskrywing
Nasionale beleide	
Nasionale Witskrif op Kunste, Kultuur en Erfenis (1996)	Hierdie dokument gee 'n raamwerk vir 'n nasionale en provinsiale beleid oor kunste, kultuur en erfenis en biblioteek- en argiefdienste.
Nasionale Rekordbestuurbeleid (Rekordbestuurbeleid-handleiding, 2007)	Die dokument reguleer die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame met betrekking tot die bestuur van hulle rekords moet funksioneer en hoe die DKES oor die rekordbestuur van regeringsliggame in die Wes-Kaap toesig moet hou.
Bestuur van Elektroniese Rekords by Regeringsliggame: Beleid, Beginsels en Vereistes (2006)	Hierdie beleid verskaf leiding aan regeringsliggame om hulle te help om aan die wetgewende vereistes rakende elektroniese rekords as 'n integrale deel van rekordbestuur te voldoen. Die DKES moet aan voorgeskrewe toepaslike nasionale en internasionale standaarde met betrekking tot hardeware, sagteware en bergingsmedia vir argiefbewaring voldoen.
Verklaring van die Nasionale Sport en Ontspanning-indaba (2011)	Dit vereis dat die DKES sy sleuteldeelwitte in lyn moet bring met die strategiese stukrag van die verklaring wat die visie vir sport en ontspanning tot 2020 uiteensit.
Nasionale Sport en Ontspanningsplan (2012)	Die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (NSOP) verwoord die visie vir sport en ontspanning in Suid-Afrika tot 2020, met die klem op 'n aktiewe en wennende nasie.
Nasionale Witskrif op Sport en Ontspanning (2012)	Hierdie beleid beklemtoon die volgende prioriteite: <ul style="list-style-type: none"> • verhoog die vlakke van deelname aan sport en ontspanning; • verhoog sport se profiel ten spyte van botsende prioriteite; • maksimaliseer die waarskynlikheid van sukses tydens groot geleenthede; en • plaas sport aan die helm van pogings om misdaad te verminder.
Beleidsraamwerk vir die Regeringswye Moniterings- en Evalueringstelsel (2007)	Die oogmerk van die Regeringswye Moniterings- en Evalueringstelsel (GWM&E-stelsel) is om tot verbeterde regering by te dra en om die doeltreffendheid van organisasies en instellings in die openbare sektor te verhoog. Hierdie dokument voorsien die oorkoepelende beleidsraamwerk vir monitering en evaluering (M&E) in Suid-Afrika. Dit bevorder uitkomsgebaseerde bestuur.
Groenskrif op Prestasiebestuursmonitering en evaluering (2009)	Hierdie dokument het ten doel om staatsamptenare en die uitvoerende gesag in staat te stel om te fokus op die bereiking van die uitkoms- en uitsetmaatstawwe wat in die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTR) vervat is. Dit is daarop gemik om goeie departementele en individuele prestasie op alle vlakke te bevorder.
Riglyne vir Nasionale en Provinsiale Departemente vir die Voorbereiding van 'n M&E-raamwerk	Hierdie riglyne maak voorsiening vir die ontwikkeling van 'n moniterings- en evalueringsraamwerk in alle regeringsinstellings sodat instellings hul vordering teenoor die gestelde doelwitte kan evalueer en regstellende stappe kan instel, waar nodig. Hierdie proses vereis dat departemente 'n omvattende begrip moet hê van alle administratiewe datastelsels, administratiewe datastelle en prestasie-aanwysers. Die aanwysers moet aan spesifieke beleidsprioriteite gekoppel wees en die stelling aanwysers moet ontleed word om te bepaal of daar enige oorsaak-en-gevolg-verhoudings bestaan.
Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP)	Die UOWP-sakeplanne vir die Sosiale Sektor (Sport) en Omgewings- en Kultuursektor (Kultuursake) verskaf 'n raamwerk vir die DKES om befondsing van die openbare sektore aan te wend om werkloosheid te verminder en verlig.

Strategieë	Beskrywing
Nasionale strategieë	
Herkapitaliserings-program vir die versterking van gemeenskaps-biblioteekdienste	Die doel van die program is om stedelike en landelike gemeenskapsbiblioteek-infrastruktuur, -fasiliteite en -dienste te transformeer (hoofsaaklik gerig op voorheen benadeelde gemeenskappe deur 'n herkapitalisasieprogram op provinsiale vlak ter ondersteuning van plaaslike regering en nasionale inisiatiewe). Die DKES is verantwoordelik vir die suksesvolle implementering en bestuur van hierdie Voorwaardelike Toelae-projek in die Wes-Kaap.
Mzansi se Goue Ekonomie-strategie	Die DKES is in oorleg met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en ander vennote en sleutelbelanghebbendes verantwoordelik vir die implementering van die belangrikste ingrypings, soos uiteengesit in die strategie vir die Wes-Kaap. Die strategie, wat op die skeppende en kulturele bedrywe fokus, poog om erkenning te gee aan die kuns-, kultuur- en erfenissektor as innoverend en skeppend en dat dit die rol van die regering is om die bemagtigende omgewing te skep en die sektor te ondersteun om optimaal te presteer.
Verwysingsterme: Skoolsport Gesamentlike Provinsiale Taakspan (2012)	Die DKES is deur SOSA en die nasionale Department van Basiese Onderwys gelas met die instelling van 'n Skoolsport Gesamentlike Provinsiale Taakspan vir die toesighouding oor en koördinerings en implementering van 'n skoolsportstrategie en om deelname aan skoolsport te verseker.
Riglyne vir die Instelling van Kodekomitees om Skoolsport te Ondersteun (2013)	SOSA en die nasionale Departement van Basiese Onderwys verskaf duidelike riglyne vir die daarstelling van kode-spesifieke skoolsportkomitees op kring-, distriks- en provinsiale vlak. Die DKES ondersteun die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) om skoolsportverwante aktiwiteite in die verskeie kodes te koördineer. Kode-spesifieke koördineringskomitees moet aan die toepaslike sportfederasies rapporteer.

Daarbenewens bestaan die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte uit 17 niebindende globale doelwitte wat soos volg met die Nasionale Ontwikkelingsplan en Provinsiale Strategiese Plan ooreenstem:



PROVINSIALE BELEIDSKONTEKS

Provinsiale Strategiese Plan

Die Provinsiale Strategiese Plan is 'n stel oorkoepelende strategiese doelwitte vir die Wes-Kaapse Regering, wat duidelike uitkomstete wat oor die mediumtermyn bereik moet word, uiteensit. Hierdie doelwitte weerspieël die behoeftes en prioriteite van die Wes-Kaapse Regering en word gebruik om geïntegreerde en verbeterde prestasie regdeur die openbare sektor in die Wes-Kaap aan te dryf.

Die Provinsiale Strategiese Doelwitte vir 2015 tot 2019 is:

Die Provinsiale Strategiese Doelwitte vir 2015 tot 2019 is:



Die departement se programme en inisiatiewe reageer soos volg op die Provinsiale Strategiese Doelwitte:

PSD	DEPARTEMENTELE BYDRAE
PSD 1	<p>Die Departement het vennootskappe met feeste en tersiêre instellings uitgebrei om meer werks- en opleidingsgeleenthede binne die kreatiewe bedrywe vir deelnemers aan die program te skep.</p> <p>Altesaam 347 UOWP-werksgeleenthede is in 2016/17 in die kultuursektor deur Kultuursake geskep.</p> <p>Voorsiening van internettoegang, breëband en Wi-Fi by openbare biblioteke.</p> <p>Die verskaffing van befondsing vir 895 werknemers van openbare biblioteke by munisipaliteite.</p> <p>790 werksgeleenthede is in die sport-en-ontspanningsektor geskep.</p>
PSD 2	<p>Formele vennootskapsooreenkoms tussen UWK en DKES gee vir jeugdiges van befondsde organisasies 'n geleentheid om geakkrediteerde opleiding in musiekgeletterdheid te kry.</p>

PSD	DEPARTEMENTELE BYDRAE
	<p>Betrokkenheid by tersiêre instellings oor werksgeleenthede op die gebied van erfenis. Dit sluit die studieverde argitektuur, ingenieurswese, bourekenen en argeologie in.</p> <p>Biblioteekmateriaal, insluitend e-hulpbronne, is aangekoop. Biblioteke bevorder lees en leer. Navorsing toon dat die gebruik van openbare biblioteke kan lei tot verbeterde uitkomst van opvoeding en/of bereikingsvlakke.</p> <p>Die departement bied argiefbewustheidswerkwinkels by skole aan om leerders aan te moedig om argiefmateriaal te gebruik om historiese en genealogiese opvoedkundige hulpbronne aan te vul.</p> <p>Die departement is die hoofdepartement vir die Naskool-Spelwisselaar en bied naskoolprogramme aan, naamlik MGO-sport-, kuns- en kultuurprogramme en buurtskool sportprogramme, en werk ook saam met museums en biblioteke om geleenthede vir skoolleerders te skep. As die hoofdepartement vir die Naskool-Spelwisselaar koördineer die departement die werk van die departemente Onderwys, Maatskaplike Ontwikkeling en Gemeenskapsveiligheid, die Departement van die Premier en die Stad Kaapstad om uitgebreide toegang tot naskoolse programme vir geen- en lae-fooi-leerders te verseker. Die Spelwisselaar werk ook deur middel van sy NRO 'Community of Practice' met belanghebbendes buite die regering.</p> <p>Die departement bied ook jeugkampe, deelname aan georganiseerde sport en aktiewe ontspanningsgeleenthede, vrywilligers, internskappe en skoolkompetisies (op nasionale, provinsiale, distriks- en plaaslike vlak). In vennootskap met die Wes-Kaap Onderwysdepartement bied die departement geleenthede vir jongmense om deur die naskoolse program na indiensneming te vorder.</p> <p>Opvoedkundige programme wat by geaffilieerde museums aangebied word, is in lyn met die amptelike leerplan en voorsien leerders van geleenthede om die leerervaring te verskerp.</p>
PSD 3	<p>Die departement ondersteun geaffilieerde museums deur die betaling van subsidies en toelaes en die sekondering van amptenare om by geaffilieerde museums te werk, en bevorder maatskaplike insluiting en aktiewe burgers deur die produksie van nuwe permanente en reisende uitstallings oor aspekte van die Wes-Kaap se geskiedenis.</p> <p>Die Wes-Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name, deur sy ondersteuning aan munisipaliteite en nieregeringsorganisasies, dra by tot 'n gevoel van inklusiwiteit onder inwoners van die Wes-Kaap.</p> <p>Uitbreiding van biblioteekdienste deur die oprigting van nuwe biblioteke. Bemaking van biblioteekdienste.</p> <p>Die departement bewaar en verleen toegang tot argieferfenis, insluitend mondelinge geskiedenis, aan lede van die gemeenskap om maatskaplike insluiting te bevorder. Die digitalisering van argiefmateriaal sal vinniger en makliker toegang tot argieferfenis vir almal moontlik maak. Argiefbewustheid- en uitreikprogramme word by skole en in gemeenskappe aangebied vir maatskaplike insluiting en verhoogde bewustheid van argiewe.</p> <p>Die begunstigdes van jaarlikse befondsing word deur kuns- en kultuuraktiwiteite die geleentheid gegun om uitdrukking te gee aan emosies, waardes en oortuigings, om visuele beelde te skep, en om oor die voorstelling van die werklikheid deur die kunste te besin.</p> <p>Die Afrika-dag-program fokus daarop om die kunste te gebruik as 'n meganisme om verhoudinge met die res van die vasteland te bou, en beklemtoon die gemeenskaplikheid tussen Afrika-lande terwyl diversiteit gevier word.</p>

PSD	DEPARTEMENTELE BYDRAE
	<p>Die Inisiasie-program verseker dat heilige kulturele, tradisionele praktyke bewaar word en in veilige omgewings toegepas word, met die welstand van die geïnisieerdes as die kern van die praktyk.</p> <p>Die departement dra by tot die verbetering van welstand deur naskoolprogramme, jeugkampe, deelname aan georganiseerde sport en aktiewe ontspanningsgeleenthede, vrywilligers, internskappe, skoolkompetisies (nasionaal, provinsiaal, distrik en plaaslik), Beter Tesame Spele, Welstandsprogramme en die Provinsiale Gimnasium aan te bied.</p> <p>Die jeug ontvang geleentheid vir ontwikkeling deur die Kunstebefondsingsprogram via befondsde organisasies.</p> <p>Praktisyns in jeugkuns ontvang deur middel van die Kunste-ontwikkelingsprogramme geleentheid om artistieke dissiplines te bevorder.</p> <p>Aktiviste in jeugkuns kry deur die Jeugkunsteweek 'n geleentheid om jeugkunste-organisasies in landelike gemeenskappe met die ontwikkeling van vaardighede te versterk.</p>
PSD 4	<p>Erfenishulpbronbestuur is 'n integrale deel van die beplanning en bestuur van infrastruktuurontwikkeling. As sodanig poog die departement om in vennootskap met munisipaliteite seker te maak dat erfenis op die vroegste stadium van beplanning by stads- en streekbeplanning en ontwikkeling ingesluit word.</p> <p>Die departement skakel voortdurend met munisipaliteite ten einde 'n omvattende openbare biblioteekdiens te lewer.</p> <p>Deur 'n skeppende afsetpunt vir uitdrukking te bied, koester kuns, kultuur en taal 'n sin van individuele welstand en moedig meer respek vir maatskaplike en kulturele diversiteit aan.</p> <p>Bevordering en verhoging van die gebruik van kultuurfasiliteite deur bande met plaaslike gemeenskappe te smee om toegang vir almal te verseker.</p> <p>Sport- en Ontspanningsfasiliteite dra by tot die ontwikkeling van geïntegreerde menslike nedersettings, en in hierdie verband voorsien die departement befondsing aan munisipaliteite vir infrastruktuurontwikkeling en onderskryf munisipaliteite se aansoeke om MIG-befondsing.</p>
PSD 5	<p>Deelname aan die GOP- en ROR-prosesse van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en die Departement van Plaaslike Regering versterk inter-regeringsbetrekkinge.</p> <p>Erfenishulpbronbestuur skakel met munisipaliteite oor die bestuur van graad 3-erfenishulpbronne, en sal voortgaan om met die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning te skakel oor prosesse wat met omgewingsimpakbepalings verband hou.</p> <p>Taaldienste dra by tot goeie korporatiewe beheer en geïntegreerde dienslewering deur ondersteuningsdienste in vertaal-, redigeer- en tolkwerk aan provinsiale regeringsdepartemente en openbare entiteite te voorsien.</p> <p>Die departement dra by tot goeie bestuur en geïntegreerde dienslewering deur 'n doeltreffende rekordbestuursdiens aan regeringsliggame in die Wes-Kaap te lewer.</p> <p>Die aktiwiteite en programme van die kuns- en kultuurkomponent word gegrond op die bou van vennootskappe met munisipaliteite en kuns- en kultuurorganisasies, en om die kundigheid en hulpbronne binne die provinsiale regering aan te wend om geïntegreerde dienslewering aan gemeenskappe te verseker.</p> <p>Handhawing en ondersteuning van sportrade en -federasies deur middel van memorandum van ooreenkoms, memorandum van verstandhouding, diensvlak-</p>

PSD	DEPARTEMENTELE BYDRAE
	<p>ooreenkomste, drieledige ooreenkomste, een-tot-een-ooreenkomste, betrokkenheid by die GOP en kwartaallikse vergaderings.</p> <p>Munisipaliteite ontvang befondsing van die departement (voorwaardelike toelae, munisipale vervangingsbefondsing en toelae vir metrobiblioteke). Hierdie befondsing help munisipaliteite om personeel-, bedryfs- en/of kapitale uitgawes aan biblioteke te befonds.</p> <p>Die departement het terreinspesifieke Dienshandveste en sy Diensleweringverbeteringplan word ontwikkel en hersien. 'n Jaarverslag aan Burgers is ontwikkel om toegang tot en deursigtigheid van die departement te bevorder.</p>

Hoewel die departement indirek tot al die Provinsiale Strategiese Doelwitte bydra, is dit regstreeks verantwoordelik vir PSD 2 en PSD 3. Die departement se PSD-projekte (aanwysers) is:

- Getal Wes-Kaapse leerders in geen-fooi- en lae-fooi-skole met gereelde toegang tot veilige naskoolse programme van gehalte (PSD 2)
- Deelname aan kultuuraktiwiteite (PSD 3)
 - Behels die volgende sub-aanwysers:
 - Getal besoeke aan die argiewe deur navorsers
 - Getal geregistreerde biblioteekgebruikers wat openbare biblioteke in die Wes-Kaap gebruik
 - Getal persone wat geaffilieerde museums besoek
 - Getal persone wat kulturele fasiliteite van die departement benut
 - (Begunstigdes van) Getal kuns- en kultuurorganisasies wat met oordragbetalings ondersteun word, insluitend die WKKK
- Deelname aan sport en ontspanning (PSD 3)
 - Behels die volgende sub-aanwysers:
 - Getal deelnemers in sportfederasies
 - Getal jeugdige wat jaarlikse jeugkampe bywoon
 - Getal mense wat aktief deelneem aan georganiseerde aktiewe ontspanningsgeleenthede
 - Getal geregistreerde deelnemers aan Beter Tesame Spele
- Deelname aan sport op laerskool (PSD 3)
 - Behels die volgende sub-aanwysers:
 - Getal laerskoolleerders wat geregistreer is om aan skoolsportaktiwiteite deel te neem
 - Getal opvoeders en vrywilligers opgelei om met die implementering van die skoolsportprogram te help
 - Getal deelnemers van naburige skole (laerskool)
- Deelname aan sport op hoërskool (PSD 3)
 - Behels die volgende sub-aanwysers:

- o Getal hoërskool- en laerskoolleerders wat geregistreer is om aan skoolsportaktiwiteite deel te neem
- o Getal opvoeders en vrywilligers opgelei om met die implementering van die skoolsportprogram te help
- o Getal deelnemers van naburige skole (hoërskool)


Spelwisselaars is daarbenewens sterk, gefokusde ingrypings wat die prioriteitsprojekte van die provinsie inlig, gegewe die potensiaal om katalisators vir beduidende verbeterings in mense se lewens te wees. Die departement dra soos volg by tot die provinsiale spelwisselaars en PSD-programme:

a) Naskool-Spelwisselaar

Die departement is die hoofdepartement vir die Naskool-Spelwisselaar vir PSD 2. Ander belanghebbendes sluit die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Departement van Gemeenskapsveiligheid, Departement van die Premier, Wes-Kaap Onderwysdepartement, die Stad Kaapstad en die NRO-sektor in. Hierdie spelwisselaar fokus deur middel van die belegging in en ondersteuning van naskoolse dienste, in samewerking met vennote, op die ontwikkeling van verantwoordelike, bemagtigde jong volwassenes wat beter vir die lewe voorberei is.

Die programme sal deur die DKES, DMO, WKOD en NRO's gelewer word. Die geteikende leerders sal aangemoedig word om dit ten minste twee keer 'n week by te woon om die stel vaardighede waaraan hulle blootgestel is, te bemeester en onder die knie te kry. Die MGO se YearBeyond-program sal na 24 terreine uitgebrei word en 'n model wat e-Leer behels sal in 2018/19 in 10 skole geïmplementeer word.

Voetspoor van Naskoolprogram



Die sleutelprestasie-aanwysers wat gebruik sal word om vordering met en prestasies van die Naskool-Spelwisselaar te meet, is:

- Getal leerders in geen- en lae-fooi-skole wat gereeld en deurlopend aan naskoolse programme deelneem, met 'n teiken van 112 000 leerders teen 2019. Die DKES is verantwoordelik vir die mobilisering van 49 000 van hierdie leerders.

Die Naskool-Spelwisselaar poog om die getal geen- en lae-fooi-skole met aktiewe Naskool-programme, en die opvoedkundige uitkomst van leerders wat gereeld en deurlopend aan hierdie programme deelneem, te verhoog.

Dit word bereik deur die sektor te karteer en te koördineer, 'n bemagtigende omgewing te skep deur veiligheids- en verwante kwessies aan te pak, leierskap te ontwikkel, die gehalte van voorsiening te monitor, praktisyns se vermoëns te bou en die hele gemeenskap deur 'n netwerk van vennootskappe te mobiliseer.

b) Spelwisselaar om die skade van alkohol te verminder

Die departement dra ook by tot die spelwisselaar om die skade van alkohol te verminder (AHR) wat gerig is op gebiede wat negatief deur alkoholmisbruik geraak word. As deel van die spelwisselaar implementeer en ontwikkel die departement alternatiewe ontspanningsaktiwiteite in aangewese/geteikende gebiede in die Provinsie en die departement is verantwoordelik om te sorg dat die jeug betrokke is by en gebruik maak van ontspanningsaktiwiteite as 'n alternatief tot alkohol. Ontspanningsprogramme verwys onder meer na straitsokker, netbal en bordspeletjies.

Die departement sal in 2018/19 voortgaan om Vrydagaande die vier-aan-'n-kant sokkertoernooie aan te bied, en 'n Gesinsvermaakand sal op Saterdagdagaande bekendgestel word wat onder meer bordspeletjies, potspel, pyltjies, tafeltennis en rekenaarspeletjies, asook lewende musiek en plaaslike kunstenaars.

c) Eerste-1 000-Dae-projek

Die Eerste-1 000-Dae-projek verwys na die tydperk van 'n kind se bevrugting tot sy of haar tweede verjaardag, en poog om in hierdie fase van die lewe optimale geleenthede te skep vir 'n blinker, gesonder en voorspoedige toekoms. Die visie van hierdie projek is om te sorg dat elke swanger vrou en elke kind gekoester word en dat veral die kwesbaarste ouers vanaf bevrugting en daarna ondersteun word deur middel van 'n hele-samelewing-benadering sodat kinders in hierdie tydperk hul volle potensiaal kan bereik. Die departement sal in die vorm van sport, ontspanning en kulturele aktiwiteite vir ouers en kinders hiertoe bydra.

d) Die Hele-Samelewing-Benadering-projek (WOSA)

Die WOSA-projek is 'n transversale, gemeenskapsgebaseerde beplanningsprojek wat daarop gerig is om die sosio-ekonomiese uitdagings "binne" die gemeenskap eerder as die algemene uitdagings "van" 'n gemeenskap te verstaan en aan te pak, met erkenning dat elke gemeenskap sy eie unieke uitdagings het. Die fokus van hierdie projek is op 'n hele-gemeenskap-benadering om dienste aan persone in enige bepaalde streek te verbeter. Die projek sal aanvanklik op vier gebiede fokus, naamlik Saldanha, Drakenstein, Manenberg en Khayelitsha. Die departement is ten volle betrokke by hierdie inisiatief.

EenKaap 2040

EenKaap 2040, soos die NOP, is 'n visie en strategie vir die samelewing wat ten doel het om:

- nuwe denke en kritiese samesprekings oor die toekoms te bevorder;
- 'n gemeenskaplike agenda vir samewerking tussen die private en openbare sektor en die burgerlike samelewing daar te stel;
- die regering se handelinge en beleggingsbesluite te help belyn;

- die veranderinge te weeg te bring wat nodig is om by ons (snel) veranderende plaaslike en globale konteks aan te pas;
- en aandag te skenk aan die vereistes vir ons ontwikkeling, volhoubaarheid, insluiting en mededingendheid.

Op grond van hierdie oogmerke is die ekonomiese oorgangsaenda:

Oorgang	Van	Na
Kennis-oorgang (Opvoedende Kaap [Educating Cape])	Onderwys wat ongelyk en veranderlik in gehalte is, plus beperkte kapasiteit vir innovasie	Onderwys van hoë gehalte vir almal, plus hoë kapasiteit vir innovasie
Ekonomiese toeganklikheid-oorgang (Werkende Kaap [Working Cape])	Faktor- en bekwaamheid-gedrewe ekonomie met hoë hindernisse tot toegang en lae koerse van produktiwiteit en entrepreneurskap	Innovasie-gedrewe ekonomie met lae hindernisse tot toegang en met hoë koerse van produktiwiteit en entrepreneurskap
Ekologiese oorgang (Groen Kaap [Green Cape])	Onvolhoubare, koolstof-intensiewe hulpbronbenutting	Volhoubare, lae-koolstof hulpbronbenutting
Kulturele oorgang (Konnekterende Kaap [Connecting Cape])	Hindernisse tot plaaslike en globale konnektiwiteit (taal, identiteit, afstand, parogiale en introspektiewe houdings)	Hoë vlak van plaaslike konnektiwiteit en globale markvaardighede
Oorgang van nedersettings (Leef Kaap [Living Cape])	Ongesonde, lae-toegang, dikwels vervreemde, lae-geleentheid buurte	Gesonde, toeganklike, leefbare, multi-geleentheid-gemeenskappe
Institusionele oorgang (Rigtinggewende Kaap [Leading Cape])	Verdedigende, opponerende strukture	Oop, samewerkende stelsels

Die departement poog om al hierdie oorgange in die uitvoering van sy werk te ondersteun. Die departement se werk dra egter regstreeks by tot die Connecting Cape- kulturele oorgang.

Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie

Die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie het ten doel om meer ondersteuning, geleentheid en dienste aan alle jongmense te bied sodat hulle beter by hul omgewing kan inskakel en verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes kan word. Die doel van die strategie is dat die jeug in die Wes-Kaap geïnspireerde, opgevoede, verantwoordelike, onafhanklike en gesonde individue is wat op 25-jarige ouderdom produktiewe persoonlike, gesins- en sosiale verhoudings het.

Die strategie is op die vyf pilare hier onder gegrond:

PILAAR	DOELWIT	PROGRAMME
Die familie as fondament	Om 'n kritiese massa van ouers met doeltreffende ouerskap-vaardighede en ondersteunings-netwerke te hê om positiewe jeugontwikkeling te ondersteun	<ul style="list-style-type: none"> • Familie- en ouerondersteuning • Gesondheid en psigososiale dienste • Gesondheidsgeletterdheid • Gemeenskapsrolmodel-ambassadeursprogram
Onderwys en opleiding	Om toe te sien dat die jeug geletterd, gesyferd en voorbereid is vir die lewe en vir werk	<ul style="list-style-type: none"> • Gehalte-onderwys • Leerderretensie • Gestruktureerde naskoolse aktiwiteite • Vaardighedsontwikkeling en -bemiddeling
Ekonomiese geleentheid	Om geleentheid vir die jeug te bied sodat hulle vooruitsigte in die werk- en arbeidsmark uitgebrei word	<ul style="list-style-type: none"> • Beter verbindings tussen die jeug en werkgeleentheid en skakels na werkervaring • Gesubsidieerde werkprogram • Bemiddelingsdienste vir indiensneming • Finansiële geletterdheid
Identiteit en om te behoort	Om te sorg dat die jeug kan identifiseer met positiewe invloede	<ul style="list-style-type: none"> • Eweknie-ondersteuning en -netwerke • Geleentheid vir sport, musiek, kuns en kultuur as 'n instrument vir ontwikkeling

PILAAR	DOELWIT	PROGRAMME
	in hul lewens wat 'n gevoel van behoort en bemiddeling bevorder	<ul style="list-style-type: none"> • Jeugruimtes en -netwerke • Positiewe beelde van die jeug • Ontwikkeling van leierskap
Geleentheid vir herverbinding	Om die herverbinding van die jeug te fasiliteer deur doeltreffende dienste en ondersteuning te bied vir herverbinding, veerkragtigheid en positiewe ontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> • Aktiewe programme om te skakel met jeug wat bande verbreek het • Positiewe voetstap-program • Vaardighede- en werkbemiddeling

Die departement dra by tot elk van die vyf pilare van die strategie, veral Onderwys en Opleiding d.m.v. gestruktureerde naskoolse aktiwiteite, en Identiteit en Behoort d.m.v. geleentheid in sport, musiek, kuns en kultuur as ontwikkelingsinstrumente.

Respons strategie vir Wes-Kaapse Klimaatsverandering 2014.

Die respons strategie vir Wes-Kaapse Klimaatsverandering 2014 is 'n gekoördineerde klimaatsverandering respons vir die Wes-Kaap Provinsie om die gesamentlike implementering van innoverende projekte en die verkenning van geleentheid wat 'n lae koolstofontwikkelingstrajek kombineer, te lei.

Alhoewel die Departement nie direk verantwoordelik is vir aksies wat in die Strategie uiteengesit word nie, sal die Departement verskeie aanpassingsinisiatiewe inisieer om voort te gaan om water te bespaar. Dit sluit in waterbesparing in al die Departement se personeelkantore, en by die verskillende fasiliteite, insluitend museums, argiewe, sport- en kultuurfasiliteite ens. Die Departement sal ook verdere potensiële waterbesparingsmaatreëls ondersoek, soos alternatiewe nie-water-afhanklike sportoppervlaktes. Die Departement se versagtingsinisiatiewe sluit in energiebewaring en papierherwinning.

Die volgende provinsiale beleide en strategieë is ook van toepassing op die departement se beleidsmandaat:

Provinsiale beleidsrigtings	
Wes-Kaapse Taalbeleid (PK 369, 27 November 2001)	Die DKES en alle ander provinsiale departemente is verplig om die bepalings van die Wes-Kaapse Taalbeleid en die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 te implementeer. Hierbenewens het die departement opdrag gekry om deur middel van 'n sentrale taaleenheid taalondersteuningsdienste aan die Wes-Kaapse Regering te lewer.
Befondsingsbeleid vir Kuns en Kultuur (2009)	Hierdie dokument dien as riglyn vir die toewysing van finansiële bystand aan kultuurorganisasies.
Befondsingsriglyne vir Sport en Ontspanning (2012)	Hierdie dokument dien as riglyn vir die toewysing van finansiële bystand aan sportorganisasies.
Beleid vir die Benaming en Herbenaming van Geografiese Kenmerke (2015)	Die beleid sit die kriteria uiteen wat deur die DKES en die Wes-Kaapse Komitee vir Provinsiale Geografiese Name in oorweging geneem moet word en die prosesse wat gevolg moet word wanneer belanghebbendes en gemeenskappe oor die standaardisering, herbenaming van of veranderinge aan bestaande geografiese name geraadpleeg word. Hierdie liggamme maak aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name en die nasionale Minister van Kuns en Kultuur.
Provinsiewye Monitoring- en Evalueringstelsel (2009)	Hierdie stel dokumente dien as 'n provinsiale reaksie op die Regeringswye Monitoring- en Evalueringstelsel. Dit is daarop gemik om beheer en provinsiale uitvoerende verslagdoening te verbeter deur ondersteuning te bied met: toenemend verbeterde bewysgebaseerde besluitneming; verfyning van beleid; en doeltreffende toewysing van hulpbronne.
Wes-Kaapse Museumbeleid (2013)	Hierdie beleid bied 'n raamwerk vir die bestuur van museums, buiten en behalwe nasionale museums in die Wes-Kaap. Hierbenewens skep dit 'n instaatstellende omgewing vir gemeenskappe om museums en erfenisentrums in die Wes-Kaap te vestig en in stand te hou. Dit stel ook 'n raamwerk voor vir die voorgestelde nuwe

Provinsiale beleidsrigtings	
	provinsiale wetgewing oor museums wat die verouderde Museumordonnansie [Kaapprovinsie], 1975, sal vervang.
Rekordbestuursbeleid van Wes-Kaapse Staatsliggame (2017)	Hierdie beleid is provinsiespesifiek en sal die DKES in staat stel om die jongste rekordbestuursriglyne te implementeer om tegnologiese ontwikkelings in rekordbestuur te inkorporeer.
Digitaliseringsbeleid van Wes-Kaapse Staatsliggame (2017)	Hierdie beleid verskaf riglyne en standaarde aan staatsliggame om eenvormigheid in die bestuur van digitale rekords te verseker. Dit sal die DKES help om nakoming te monitor.

Provinsiale strategieë	
Skooldportriglyn (2013)	Hierdie DKES-dokument gee leiding aan belanghebbendes en alle betrokkenes om aan die verskillende skoolsportbeleidsdokumente en die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan te voldoen.
Genre-ontwikkelingstrategie (2008)	Hierdie dokument gee 'n raamwerk vir die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kunsvorme in die Wes-Kaap.
Wes-Kaapse Inisiasie-raamwerk en -protokol (2014)	Hierdie raamwerk gee leiding oor die kulturele praktyk van inisiasie aan plaaslike kultuurorganisasies, munisipaliteite en ander owerhede.
Wes-Kaapse Raamwerk vir Mondelinge Geskiedenis (2015)	Hierdie raamwerk gee vir DKES-personeel en geaffilieerde instellings wat op die gebied van mondelinge geskiedenis werk die minimum riglyne en etiese standaarde wat nagekom moet word wanneer mondelinge onderhoude oor geskiedenis gevoer word.
Jaarlikse optog- en kompetisieraamwerk (2012/13)	Gee riglyne oor die items en die persentasie wat toegeken word vir die jaarlikse optog en kompetisies van die Minstrels, Kersfees- en Maleierkore.
Provinsiale Strategie vir Geleenthede (2011)	Die departement sal ook sportgeleenthede in die provinsie bevorder in ooreenstemming met die Provinsiale Strategie vir Geleenthede ten einde sporttoerisme te bevorder en om die ekonomiese voordele daarvan vir die provinsie te fasiliteer.

KONTEKS VAN SEKTORBELEID

Die huidige Witskrif op Kunste, Kultuur en Erfenis is in 1996 uitgevaardig met die hoofdoel om die kunste-, kultuur- en erfenissektor te rasionaliseer en in ooreenstemming met postapartheid-geopolitiek te bring. Gegewe die veranderende tye, het dit nodig geword om die Witskrif te hersien. Die nasionale Departement van Kuns en Kultuur het sektorspesifieke openbare raadpleging onderneem met die doel om die konsepdokument te finaliseer. Die Konsepwitskrif op Kunste, Kultuur en Erfenis beoog om die regering se strategiese herposisionering van die rol van die nasionale Departement van Kuns en Kultuur in die lewering van kunste, kultuur, erfenis, biblioteke en argiewe aan die nasie op te som.

Die beleid/ooreenkoms oor Nasionale Skoolsport word tans hersien. Die Wes-Kaapse Sportplan sal in 2018/19 geïmplementeer word. Die huidige Nasionale Sport- en Ontspanningsplan is tot 2019 van krag.

KONTEKS VAN PLAASLIKE REGERING

Om interregeringsbeplanning en -implementering te bevorder en om volhoubare en geïntegreerde dienslewering te verseker, bestaan die Gesamentlike Beplanningsinisiatief (GBI) uit 'n stel prioriteite waarvoor die Wes-Kaapse Regering deur middel van die Provinsiale Strategiese Plan en departementele inisiatiewe van die sektor ooreengekom het, asook die Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP'e) van die provinsie se munisipaliteite. Die departement neem deel aan GOP-samesprekings, 'n interdepartementele gesamentlike-beplanning-forum wat deur die Departement van Plaaslike Regering gekoördineer word.

Besonderhede in verband met die GBI'e waarvoor die DKES die belangrikste departement is, word in die tabel hier onder aangegee:

Munisipaliteit	Strategiese ingryping	Projekuitsette	Ondersteunende departemente	Skakel met PSD
George Munisipaliteit	1. Skep 'n instaatstellende implementeringsplatform Modelontwerp: Gebruik van IKT in biblioteke 2. Nasorgsentrus: 2.1 MOG-programme	1.Toegang tot IKT deur biblioteke 1. Verbetering van onderwysuitkomste 2. Vermindering van maatskaplike euwels 3. Toename in deelname aan sport en ontspanning 4. Verbetering van maatskaplike kapitaal	DEOT, DvdP (Se-I), betrokke munisipaliteite	PSD 1 Die projekte van hierdie GBI is voltooi PSD 2 Deurlopend
Laingsburg Munisipaliteit	Nasorgsentrus	1. MGO-sentrum-programme 2. Ondersteuning met huiswerk	WKOD DMO DG DGV Betrokke munisipaliteit	PSD 2 Deurlopend
Bitou Munisipaliteit	Bevordering en verhoging van deelname aan naskoolse MGO-program	1. Verbetering van onderwysuitkomste 2. Vermindering van maatskaplike euwels 3. Toename in deelname aan sport en ontspanning 4. Verbetering van maatskaplike kapitaal	WKOD DG DMO DvdP	Deurlopend
Mosselbaai Munisipaliteit	Naskoolsentrus: Teiken die MGO-program	1. Toenemende gebruik van die MGO-program	DMO DG DGV WKOD	Deurlopend
Stellenbosch Munisipaliteit	Vestig Stellenbosch Munisipaliteit as 'n sentrum van innovasie met betrekking tot jeugontwikkeling: Naskoolsentrus: MGO-program	1. Verbetering van onderwysuitkomste 2. Vermindering van maatskaplike euwels 3. Toename in deelname aan sport en ontspanning 4. Verbetering van maatskaplike kapitaal	WKOD, DMO, DGV, DG en munisipaliteit	Deurlopend

Wat bogenoemde betref:

- 'n Sportakademiestelsel in die Wes-Kaap sal in die boekjaar 2018/19 volhou word.
- Biblioteke in die George Munisipaliteit vorm deel van die Landelike Biblioteekkonnektiwiteit-projek, breëband en Wi-Fi, en George- openbare biblioteek sal deel van die Mzansi Libraries Online-projek vorm. Al hierdie projekte verseker toenemende toeganklikheid tot gratis internet in die biblioteke vir die publiek.
- In die Laingsburg Munisipaliteit is DKES vir MGO-sentrus verantwoordelik, waarvan daar twee is.
- In die Bitou Munisipaliteit is DKES vir MGO-sentrus verantwoordelik, waarvan daar een is, en hierdie MGO-sentrum sal voortgaan om die geprojekteerde uitsette te bereik.
- In die Mosselbaai Munisipaliteit is DKES vir MGO-sentrus verantwoordelik, waarvan daar vier is, en elkeen sal poog om die maksimum bywoning en deelname te realiseer.

Die departement sal hierbenewens voortgaan om met die munisipaliteite te skakel oor die ondersteuning wat die departement vir Museum-, Biblioteek-, Argief, Kuns-en-Kultuur- en Sportdienste bied.

RUIMTELIKE KONTEKS

Met betrekking tot die Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk en die Studie oor die Groeipotensiaal van Dorpe, is elemente van die departement se werk in elke dorp in die Wes-Kaap teenwoordig, byvoorbeeld in die vorm van biblioteke, museums, sportkantore en besluite rakende erfenis. Die departement grond sy ruimtelike beleggings op die behoeftes en dra vermoë van gemeenskappe.

Die ruimtelike verdeling van sommige van die departement se dienste word in afdeling 5.1 hier onder uiteengesit. Verder doen die departement die volgende:

- werk aan die ontwikkeling van die nuwe Kaapstad Museum (op 24 September 2015 verklaar) en werk saam met die Departement van Vervoer en Openbare Werke om geskikte persele vir die museum te vind.
- het 373 biblioteeksentrums wat regdeur die provinsie versprei is, en sportakademies in Saldanha, die Kaapse Wynland, Bredasdorp, Beaufort-Wes en Oudtshoorn.
- bied gratis openbare internettoegang vir gemeenskappe deur middel van die projek vir die konneksie van landelike biblioteke. Die projek is deel van die breëbandinisiatief en landelike gemeenskappe met 'n lae inkomste word deur breëbandkonneksie bevoordeel.
- integreer erfenis- en kultuurhulpbronne (insluitend museums, biblioteke, sport), en raamwerkplanne vir ruimtelike ontwikkeling.
- bewerkstellig samewerking met feeste, geleenthede en organisasies in 'n aantal munisipaliteite.
- sal 'n sportfokusskool in elke geo-politieke distrik vestig.
- sal 'n akademie in elke geo-politieke distrik vestig.
- werk nou saam met munisipale owerhede, openbare entiteite en gemeenskappe om terreine vir inisiasie regoor die provinsie te identifiseer en af te baken.

DIENSLEWERINGSVERBETERING

Die departement het 'n Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) wat poog om doeltreffende en effektiewe dienslewering te verseker.

In 2018/19 sal die departement op die volgende DLVP-uitsette fokus:

Dienste wat vir verbetering geïdentifiseer is	Departementele projekte/planne
Toegang tot kultuurfasiliteite	Die fasiliteite bied meervoudige geleenthede. Om benutting van die kultuurfasiliteite deur alle sektore van die gemeenskap te optimaliseer, was daar 'n behoefte om administratiewe prosesse m.b.t. die bespreking en gebruik van die fasiliteite deur lede van die publiek te verbeter deur mense, lokaal, proses en tegnologie te integreer. Met hierdie doel voor oë is 'n elektroniese besprekingstelsel ontwikkel en dit sal geïmplementeer word om toegang tot die sentrums te fasiliteer.
Museumopvoedingsprogram	Die Museumdiens bied verskeie opvoedingsprogramme aan die publiek deur vennootskappe met geaffilieerde museums. Die museums sal bystand ontvang om 'n stelsel van monitering en evaluering in te stel ten einde die programme te verbeter.

Hierbenewens sal die Biblioteekdiens voortgaan om biblioteekdienspunte te verbeter en uit te brei, insluitend die voorsiening van breëbandinternet aan die publiek.

4.4 Toepaslike hofbeslissings

Hofsaak	Verwysing	Impak op die DKES
<i>The Chairpersons' Association v Minister of Arts and Culture [2007] SCA 44 (RSA)</i>	Hoogste Hof van Appèl, saaknommer 25/2006	Hierdie uitspraak het betrekking op voldoende raadpleging met plaaslike gemeenskappe en ander belanghebbendes met betrekking tot voorgestelde veranderinge aan geografiese name. Die DKES en die Wes-Kaapse Komitee vir Provinsiale Geografiese Name wat deur die LUR ingestel is, is belangrike rolspelers in die implementering van die betrokke wetgewing, veral met betrekking tot die fasilitering van oorlegpleging met belanghebbendes en gemeenskappe. Hulle moet in die prosesse en prosedures wat hulle gebruik om voorgestelde veranderinge aan geografiese name te bestuur, hierdie uitspraak in aanmerking neem.
<i>Qualidental Laboratories v Heritage Western Cape [2007] SCA 170 (RSA)</i>	Hoogste Hof van Appèl, saaknommer 25/2006	Hierdie uitspraak bevestig die magte wat aan die LUR en Erfenis Wes-Kaap verleen is om ingevolge artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, voorwaardes ten opsigte van 'n ontwikkeling te stel.
<i>Top Performers (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Recreation</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 5591/05	Hierdie uitspraak het 'n beduidende impak gehad op die appèlprosesse van die tribunale wat ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, saamgelees met regulasie 12 van PK 336 van 2003, deur die LUR aangestel is. Die DKES en die LUR het regstellende stappe gedoen om billike administratiewe prosesse te verseker en om voorsiening te maak vir die toelating van nuwe bewyse in die rekord van 'n tribunaalproses, asook beter nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid ten opsigte van die <i>audi alteram partem</i> -grondbeginsel.
<i>Willows Properties (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Sport</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 13521/08	Die aansoeker het 'n dringende aansoek by die Hooggeregshof ingedien om die LUR te dwing om 'n besluit te neem, of andersins om die Rekord van Besluitneming uit te reik ten opsigte van 'n appèl wat by die LUR ingedien is ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, saamgelees met regulasie 12(7) van PK 336 van 2003. Die impak van die besluit op die DKES is dat dit moet verseker dat tribunale die Rekords van Besluitneming betyds uitreik. Regstellende stappe is geïmplementeer.
<i>Waenhuiskrans Arniston Ratepayers Association and Another v Verreweide Eiendomsontwikkeling (Edms) Bpk and Others 1926/2008 [2009] ZAWCHC 181.</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 1926/2008	Die Hof het oorweeg of die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronnagentskap of Erfenis Wes-Kaap jurisdiksie gehad het ten opsigte van terreine wat ingevolge artikel 35 en 36 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne deur SAEHA as Graad1-terreine gegradeer is. Die Hof het bevind dat SAEHA in sulke gevalle jurisdiksie het. Die implikasie van hierdie hofuitspraak vir die DKES is dat die departement regshulp aan Erfenis Wes-Kaap moet verleen om die wetgewing te interpreteer en dit moet verseker dat Erfenis Wes-Kaap binne sy wetgewende mandaat optree.
<i>The Louis Trichardt Chairperson's Association v the Minister of Arts and Culture and the Geographical Names Council of South Africa</i>	Gauteng-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika 2014	Die hof het die naamsverandering van Louis Trichardt na Makhado tersyde gestel nadat die partye buite die hof geskik het. Dit het implikasies vir hoe die DKES en die Wes-Kaapse Komitee vir Provinsiale Geografiese Name verseker dat die nodige konsultasieprosesse oor voorgenome veranderinge, standaardisering of heroorweging van 'n geografiese naam gekommunikeer en gedokumenteer word.
<i>Peter Gees v die Provinsiale Minister van Kultuursake en Sport, Wes-Kaap, die Voorsitter, Onafhanklike Appèltribunaal, Erfenis Wes-Kaap, die Stad Kaapstad, City Bowl Ratepayers' & Residents' Association</i>	Wes-Kaap Afdeling van die Hoë Hof van Suid-Afrika saaknommer 6205/2015	Ingevolge artikel 34(1) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) kan voorwaardes opgelê word in 'n permit vir die sloop van 'n bestaande struktuur ouer as 60 jaar.
<i>Piketberg Local Heritage Committee en Ander v Liebco Vleishandelaars Edms Bpk en Ander (Erfenis Wes-Kaap 2de verweerder)</i>	Wes-Kaap Afdeling van die Hoë Hof van Suid-Afrika saaknommer 1103/2016	Aansoek om hersiening van 'n besluit van EWK se Komitee vir Beboude Omgewing en Landskappe (BELCom). BELCom het toestemming verleen vir die sloping van 'n gebou op erf 207 Piketberg. Die Piketberg Erfeniskomitee het by die Hoë Hof aansoek gedoen om die besluit te hersien, aangesien die bepalinge van PAJA nie nagekom is nie. Die Hof het EWK se huidige beleid wat aandui dat raadpleging slegs met geregistreerde bewaringsliggame moet geskied, oorweeg en beslis dat, aangesien die besluite wat geneem is die potensiaal het om lede van die publiek te raak, breër openbare raadpleging nodig was.

4.5 Beplande beleidsinisiatiewe

Beplande beleidsinisiatiewe vir 2018/19 is:

- Die hersiening van die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan sal geïmplementeer word soos die begroting dit toelaat.

5. Situasië-ontleding

POLITIEKE OMGEWING

Die departement handhaaf sy vennootskappe met die betrokke munisipale strukture en hul prinsipale.

EKONOMIESE OMGEWING

Die land se lae groeiakoers en sterk fluktuierende wisselakoers, asook die impak wat die droogte sal hê op die getal toeriste wat die provinsie besoek, kan lei tot 'n laer aantal besoekers aan geaffilieerde museums en 'n afname in die bywoning van feeste.

Die departement fokus toenemend op kultuur- en skeppende bedrywe as 'n potensiële bydrae tot ekonomiese groei en werkskepping. Dit word gedemonstreer in die werkgeleenthede wat gedurende die boekjaar 2017/18 geskep is. Die departement poog verder om die institusionele kapasiteit van kunsorganisasies en -praktisyns te ondersteun en te versterk.

In reaksie op beperkte finansiële hulpbronne sal die departement op strategiese herbelyning fokus om samewerking met 'n paar relevante maatskaplike en openbare sektorinstellings en -inisiatiewe te versterk, en sodoende hulpbronne vir groter impak aanwend.

Beperkte finansiële hulpbronne vir die argivale erfenissektor het 'n verdere administratiewe las vir die verkryging van bewaringsmateriaal en -toerusting beteken. Die privaat sektor bied baie hoër salarisse as die staatsdiens, wat 'n eksodus van bevoegde en ervare bestuurspersoneel tot gevolg het en die Argief- en Rekorddiens met onvoldoende vaardige hulpbronne laat. Die ekonomiese omgewing skep ook onsekerheid oor die ontvangs van 'n Voorwaardelike Toelae vir argief- en rekorddienste wat befondsing vir broodnodige toerusting, personeel en infrastruktuur sal voorsien. Beperkte finansiële hulpbronne is ook 'n risiko vir die volgehoue implementering van Ondernemingsinhoudbestuur.

Die beperkte ekonomiese klimaat kan 'n impak op burgers se gewilligheid/vermoë hê om geld aan sport- en ontspanningsgeleenthede te bestee, wat die departement se vermoë om uitrusting en toerusting te koop, sal beïnvloed. Die onsekerheid oor die Sport- Voorwaardelike Toelae kan dit vir die departement moeilik maak om al sy dienste te lewer.

Die voorwaardes en begroting vir die Sport- Voorwaardelike Toelae verander voortdurend, en kan probleme vir die departement skep met die uitvoering van sy mandaat.

MAATSKAPLIKE OMGEWING

Openbare belangstelling in die land se geskiedenis en erfenis het aangedui dat die jeug baie gretig is om meer te wete te kom van die interpretering van geskiedenis en die relevansie daarvan. Dit bied 'n geleentheid vir geaffilieerde museums om hul maatskaplike belang in gemeenskappe te verseker

deur gesprekke oor hierdie kwessies te voer, relevante programme aan te bied en 'n inklusiewe benadering tot dienslewering te volg. Die departement sal sy pogings opskerp om bewustheid oor argiewe te skep om 'n begrip van die waarde van erfenishulpbronne, insluitend die rol van argiewe, te kweek. Die Mondelinge Geskiedenis-inisiatief is met entoesiasme ontvang en hierdie program sal dus in 2018/19 voortduur.

Die departement sal steeds op jeugontwikkelingsprogramme in die kunste, kultuur en taal, asook die gebiede van sport, ontspanning en naskoolse aktiwiteite fokus.

Die burgerlike samelewing het sportverwante strukture in alle geopolitiese distrikte in die provinsie.

Die departement se bedrywighede is daarop gerig om geleenthede vir al ons mense te bied om by opbouwende maatskaplike aktiwiteite ingesluit te word ten einde 'n omgewing van respek en verdraagsaamheid in ons samelewing te skep.

Die waarde van erfenishulpbronne, met inbegrip van die rol van argiewe, word dikwels nie behoorlik begryp nie en die departement sal dus sy pogings om bewustheid van argiewe te skep, verskerp.

TEGNOLOGIESE OMGEWING

Die groei van tegnologie bied nuwe platforms om met burgers te skakel, en maak voorsiening om inhoud in meer lae te skep sodat die interpretasies van artefakte en gebeure in geskiedenis voortdurend bygewerk kan word. Dit is ook 'n goedkoper manier om geskiedenis te deel en stel die departement in staat om dit in meer as een taal te doen.

Die globale digitale omgewing het vinnige groei in musiekstroming asook die literêre kunste beleef.

Die argiefdigitaliseringprojek sal internettoegang en die bewaring van sekere geïdentifiseerde argivalia verseker om in die toenemende vraag te voorsien.

Die Landelike Biblioteekkonnektiwiteit-projek (LBKP), Mzansi Libraries Online en die uitrol van breëband en Wi-Fi-inisiatiewe gee toenemend aan die publiek toegang tot IKT.

OMGEWINGSFAKTORE

Die droogte en gebrek aan waterhulpbronne sal 'n uitwerking op die bedrywighede van die departement hê. Sporttoerisme sal geraak word waar federasies as gevolg van omgewingsfaktore nie geleenthede kan aanbied nie. Die voortdurende droogte sal 'n uitdaging vir die instandhouding van sportfasiliteite wees.

Waterbesparingsmaatreëls is regdeur die departement ingestel, bv. by die kultuur-, museum- en sportfasiliteite. Die departement sal alternatiewe sportvelde wat nie van water afhanklik is nie en alternatiewe bronne ondersoek.

Die heersende wêreldwye omgewingsveranderinge het die Wes-Kaap geraak in die vorm van ernstige brande regdeur die provinsie as gevolg van die droogtetoestande, en dit het die waterbehoefte van die Provinsie vererger. Vanuit 'n erfenisperspektief is die impak op die natuurlike en kulturele landskap in gebiede soos Knysna verwoestend. Die provinsie se kollektiewe reaksie op die krisis is 'n bewys dat geïntegreerde beplanning vir heropbouing saam met geaffekteerde plaaslike munisipaliteite belangrik is. Die departement het deur Erfenis Wes-Kaap tegniese, ter plaatse kundigheid verskaf om die skade aan beduidende erfenishulpbronne te evalueer.

EWK het in reaksie op die waterkrisis munisipaliteite gehelp om die proses van nakoming van die WNEH te versnel waar ontsoutingsaanlegte opgerig word.

Die risiko van natuurrampe of uiterste weerstoestande kan meebring dat argiefversamelings beskadig word en dus is rampgereedheid en gereelde instandhouding van die argiefgebou uiters noodsaaklik.

REGS- EN REGULATORIESE OMGEWING

Die toenemende sofistikasie van korporatiewe beheer en veral rekeningkundige standaarde, en die lae bedreweheid in AARP-standaarde onder rekenmeesters en personeel, veral in die landelike gebiede-Kaap, maak dit moeilik vir die geaffilieerde museums en kuns- en kultuurorganisasies om ongekwalifiseerde auditverslae te kry.

VEILIGHEID- EN SEKURITEITSOMGEWING

Die departement sal maniere oorweeg om die veiligheid en sekuriteit van alle mense, instellings en fasiliteite onder sy regsgebied te verbeter, veral die veilige bewaring van erfenishulpbronne. Die departement het bykomende befonds beskikbaar gestel om veiligheidsaspekte by museums en kultuurfasiliteite te verbeter.

5.1 Prestasie-omgewing

Die vraag na die departement se dienste word hier onder beskryf ten opsigte van die dienste wat deur die departement gelewer word:

Uitgebreide Openbarewerkeprogram

Die departement se innoverende programme om in die UOWP se kultuursektor werksgeleenthede vir die jeug te skep, is uitgebrei om nie net geleenthede in die kuns-, kultuur-, taal-, museum- en erfenisdienste in te sluit nie, maar ook in die biblioteek- en argiefdienste.

Kuns-, kultuur- en taaldienste

Die departement sal op die vroeë identifisering en ontwikkeling van talent fokus deur met tersiêre instellings en kunste-organisasies saam te werk. Die departement het in hierdie verband 'n vennootskap met die Universiteit van Wes-Kaapland se Fakulteit Uitvoerende Kunste gesluit. Jeug van die landelike gebiede in die provinsie het toegang tot 'n gesertifiseerde program in musiekgeletterdheid by die universiteit verkry. Hierdie benadering help om die kunste as 'n lewensvatbare loopbaankeuse te regverdig en om jongmense met artistieke potensiaal te identifiseer.

Ten einde deelname aan die kunste te verhoog, het die departement optrede- en werksgeleenthede by groot feeste geskep, bv. die Suidoosterfees, Jazz on the Rocks, Internasionale Kaapstad Jazz-fees en Zabalaza.

Die departement het deur die dramaprogram 'n samewerkingsverhouding met kommersiële uitsaaiers ontwikkel. Dit gee blootstelling aan amateur-akteurs om saam met professionele akteurs op te tree. Die jongmense is in dramareekse soos 7de laan (SABC 2) en Suidooster (KykNET) geplaas.

Hierbenewens het die departement opleiding in die ontwerp en produksie van handwerk aan vrouens en gestremdes verskaf.

Die getal aansoeke wat vir die befondsing van kuns- en kultuuraktiwiteite ontvang is, soos hier onder weerspieël, illustreer die vraag na hierdie dienste:

FINANSIËLE HULP AAN KUNS- EN KULTUURORGANISASIES						
	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17	2017/18
Getal aansoeke ontvang (nie noodwendig suksesvolle aansoeke nie)	244	166	202	260	166	227 *
Getal hulptoelae deur die DKES toegeken	57	72	96	51	67	50 *


* Beplande teikens

Die departement implementeer institusionele stelsels om die Deurgangskriterie-program in die provinsie te bestuur. Die departement kon ook daarin slaag om alle relevante departement by die program te betrek wat die deel van hulpbronne en kundigheid verseker. Dit waarborg dat voldoende aandag aan die praktyk geskenk word, en dat uitdagings op 'n holistiese manier aangespreek word. Die nasionale Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake het benaderings geïnkorporeer wat deur die provinsie geïmplementeer is.

Die departement streef om deur middel van sy vertaal- en tolkdienste en die bevordering van veeltaligheid, insluitend Suid-Afrikaanse Gebaretaal, die gelyke gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap te verseker. Dit sal ook voortgaan met die strategiese bestuur van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalkomitee en 'n samewerkende verhouding met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) handhaaf.

Museum-, geografiese naam- en erfenisdienste

Die rol van museums, erfenis en geografiese name het oor die afgelope jare toenemende aandag geniet. Die Wes-Kaap het die grootste konsentrasie van museums op die Afrika-vasteland. Dit sluit verklaarde kultuurinstellings, museums wat by die departement geaffilieer is, museums wat deur munisipaliteite bestuur word, institusionele museums wat deur nasionale staatsdepartemente en agentskappe of tersiêre onderwysinstellings bestuur word, en die res word deur die privaat sektor en privaat persone bestuur. Die ligging van museums regdeur die provinsie word op die kaart hier onder aangedui:



Die departement sal voortgaan om transformasie by geaffilieerde museums te stimuleer om hulle aantrekkingskrag vir die mense van die Wes-Kaap te verhoog deur middel van uitstallings en openbare programme wat die ervaring van gemeenskappe weerspieël.

Die afgelope jare is gekenmerk deur die verskyning van sterk debatvoering oor die transformasie van die nasionale simbole, monumente en plekname. Hierdie debatte het die lig gewerp op die behoefte om gemeenskappe te betrek by die prosesse om die erfenislandskap te transformeer. In reaksie op die nasionale debatte het die departement 'n elektroniese brosjure saamgestel wat daarop gerig is om bestaande geografiese name wat met die Khoi en San geassosieer is, soos Hessequa, Attaqua, Bitou, Knysna, Koovallei en Leeu-Gamka te bevorder. As deel van die aanbeveling van die Nasionale Dialoog wat op 17 April 2015 deur die minister van Kuns en Kultuur gefasiliteer is, sal die departement, bygestaan deur die Komitee vir Geografiese Name en samewerkende munisipaliteite, 'n audit oor alle aanstootlike name uitvoer en gemeenskappe aanmoedig om vervangings te vind wat maatskaplike insluiting bevorder.

GETAL GEOGRAFIESE NAME WAT DEUR DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE KOMITEE VIR GEOGRAFIESE NAME OORWEEG IS VIR VERANDERING, HERSIENING OF STANDAARDISERING EN BY DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEOGRAFIESE NAME INGEDIEN IS

	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17	2017/18
Getal geografiese name geverifieer en nagevors	315	300	305	502	340	340*

*Beplande teiken vir 2017/18


Die departement het in vennootskap met Erfenis Wes-Kaap die Geïntegreerde Bewaringsbestuursplanne (GBBP'e) afgehandel vir terrein wat vir benoeming as Wêrelderfenisterreine oorweeg word. Die volgende terreine word oorweeg: Diepkloof-grot, Blombos-grot en Pinnacle Point-terreinkompleks wat met die tema 'Verskyning van Moderne Mensdom' verband hou. Die tweede GBBP van die Vroeë Kaapse Plaasopstalle vorder geleidelik. Benewens die benoemingsdossiere vir die Werelderfenisterreine, word hierdie GBBP'e vir voorlegging aan Unesco geormerk. Die departement het begin met 'n projek om 'n Toerismoeroete vir Argeologiese en Paleontologiese Erfenis van stapel te stuur. Die projek beoog om aanvanklik te fokus op die drie erfenisterreine wat met die 'Verskyning van Moderne Mensdom' verband hou. 'n Bestuurskomitee is ingestel om die projek te verteenwoordig en die ondersteuning van alle betrokke rolspelers te werf ten einde die projek aan die beweging te kry.

Biblioteekdiens

'n Konsepstrategie vir 10 jaar is opgestel vir die volle befondsing van biblioteekdienste vir alle munisipaliteite. Gegewe die huidige ekonomiese klimaat, is die beoogde strategie vir volle befondsing nog nie geïmplementeer nie. Die ontwikkeling van biblioteeknorme en -standaarde, die vestiging van munisipale kapasiteit, die ontwikkeling van provinsiale biblioteekwetgewing, en die formalisering van samewerking tussen die departement en munisipaliteite met uitvoerende toekenning van die biblioteekfunksie is deurlopend.

VOORWAARDELIKE TOELAES ONTVANG VIR DIE BEVORDERING VAN OPENBARE BIBLIOTEKE	
Jaar	Bedrag ontvang
2017/2018	R 171 264 000
2016/2017	R 164 162 000
2015/2016	R 158 469 000
2014/2015	R 126 347 000
2013/2014	R 68 542 000
2012/2013	R 56 129 000
2011/2012	R 48 694 000

Die ligging van biblioteke in die provinsie word op onderstaande kaart uitgebeeld:



Die getal biblioteke per bevolking in die provinsie verskyn in die tabel hier onder:

Streek	Getal biblioteeksentrums	Bevolking*	Verhouding
Wes-Kaap	373	6 279 733	1: 16 800

*Bron: StatsSA Gemeenskapsopname 2016

Die Stad Kaapstad het die grootste getal biblioteke in die provinsie en verklaar dat hulle tussen 1 April 2016 en 31 Maart 2017 altesaam 11 485 384 besoeke aan die biblioteke gehad het (Stad Kaapstad se telling by hekke).

Argief- en Rekorddienste

Die departement gaan voort om bewusmakingsprogramme oor argiewe in alle gemeenskappe in die Wes-Kaap aan te bied. In 2016/17 is altesaam 31 bewusmakingsprogramme in verskeie gemeenskappe en skole in die Wes-Kaap uitgerol, 9 278 navorsers het die argief besoek en 44 767 argivale rekords is geraadpleeg.

BESOEKE AAN DIE ARGIEWE

Boekjaar	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17	2017/18
Getal besoeke (beraam)	7 947	9 577	12 021*	10 731	9 278	8 000**

*Die ongewone toename is weens 'n grondeisprojek wat in 2014/15 plaasgevind het.

** Teiken volgens JPP 2017/18.

Rekordbestuursdienste word ter wille van goeie korporatiewe beheer aan 56 Wes-Kaapse regeringsliggame gelewer. Gefokusde ondersteuning vir Ondernemingsinhoudbestuur, 'n transversale elektroniese rekordbestuursprojek, is aan departemente gelewer.

Terwyl kernfunksies steeds uitgevoer word, beplan die Argiefdiens om die lewering van volgende dienste en funksies in die boekjaar 2018/19 te verbeter:

- Versterking van rekordbestuurspraktyke in regeringsliggame deur saam met hulle te werk om programme vir sistematiese wegdoening en noodsaaklike stelsels vir die gepaste klassifisering van rekords te implementeer. Ten einde te verseker dat hulle toegerus is om hul statutêre rol te vervul, sal opleidingskursusse aan rekordbestuurders en registerpersoneel in regeringsliggame voorsien word. Spesiale aandag sal aan regeringsliggame met bepaalde behoeftes geskenk word. Klem sal geplaas word op die waardasie van argiefrekords om meer ruimte vir die berging van waardevolle rekords beskikbaar te maak.
- Lewering van bystand met en goedkeuring van Elektroniese Rekordbestuurstelsels (ERB) in regeringsliggame. Leiding sal voorsien word met die implementering van geskikte ORB-stelsels en vereistes vir die digitalisering van openbare rekords om te verseker dat voorgeskrewe gehaltstandaarde nagekom word. Opleiding in Elektroniese Rekordsbestuur word ook beplan.
- Digitalisering van argiefrekords en verbetering van die toeganklikheid van digitale inhoud om dit op die nuwe webportaal beskikbaar te stel ten einde aan die behoeftes van gebruikers wêreldwyd te voldoen.
- Die uitbreiding van die webportaal om 'n kundige bron van inligting deur die deurlopende bywerking van inligting tot voordeel van die publiek en regeringsliggame te skep.
- Volgehoue lewering van dienste in die leeskamer op die perseel ten einde argiefrekords toeganklik te maak, terwyl aanlyn-dienste die argiefrekords om toegang te verkry via die internet.
- Implementering van 'n nuwe benadering om argiefrekords te beskryf, wat beter by gebruikers se behoeftes en die digitale omgewing aangepas is. Hierdie benadering sal dit vir mense makliker maak om die argivale versamelings te verken.
- Bevordering van die gebruik van die argiewe deur middel van bewusmakingsprogramme om maatskaplike insluiting/samehang te vestig wat die publiek sal help om kreatief te wees, die samelewing te verstaan, voort te gaan om nasionale identiteit te bou en demokrasie te ondersteun. Die Jaarlikse Nasionale Argiefweek sal die hoogtepunt van die bewusmakingsprojekte wees.
- Opvoeding van die publiek, veral die jeug, deur die bevordering van ons argivale erfenis, nasionale simbole, die Grondwet en die Handves van Regte. Aanmoediging van die publiek om hul persoonlike rekords aan die Argief te skenk, aangesien die rekords waardevolle aanvullende konteks by amptelike staatsrekords voeg.
- Goedkeuring van die gewysigde Wet op Provinsiale Argiewe en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005 (Wet 3 van 2005) en regulasies.

- Implementering en monitering van voldoening aan beleide, praktyke en riglyne ten einde dienste aan kliënte te verbeter en internasionale beste praktyk in argief- en rekordbestuur te implementeer.
- Registrasie van navorsers op 'n elektroniese databasis om gereelde kommunikasie met hulle te vergemaklik.
- Ontwikkeling van personeel se professionele en tegniese vaardighede, veral in die digitale omgewing.
- Noue samewerking met die Advieskomitee vir Argiewe.
- Ondersteuning van die 110% Groen-strategie met herwinning- en energiebesparings-programme en -inisiatiewe om die gebruik van papier deur middel van e-liassing en digitalisering te verminder.
- Volgehoue implementering van die WKR- Transversale OIB-projek wat in 2013/14 geïnisieer is. Ondersteuning sal voorsien word aan departemente wat met OIB toegerus is.

Biblioteekdiens

Die volgende biblioteekverwante maatreëls vir gehalteverbetering word deur die departement beplan:

- Verkry en verskaf biblioteekmateriaal, insluitend elektroniese hulpbronne, om 'n kultuur van lees en lewenslange leer te bevorder;
- Uitbreiding van die Landelike Biblioteekkonnektiwiteit-projek na drie bykomende landelike openbare biblioteekterreine;
- Volle befondsing van die meeste van die kategorie B3-munisipaliteite;
- Verskaf gedeeltelike befondsing aan die Stad Kaapstad via die Metrobiblioteek-toelae
- Ontwikkel personeel by openbare biblioteke professionele en tegniese vaardighede deur middel van verskeie opleidingsprogramme;
- Vestig vyf bykomende mini-biblioteke vir blinde, gesiggestremde en druk-gestremde eindgebruikers;
- Gaan voort met bevorderings- en bewusmakingsprogramme om biblioteekgebruik te bevorder;
- Verskaf aanvanklike befondsing vir nuwe biblioteke in Rosevalley (Oudtshoorn Munisipaliteit), Elim (Kaap Agulhas Munisipaliteit) en Koekenaap (Matzikama Munisipaliteit);
- Verskaf befondsing vir voltooiing van twee nuwe biblioteekfasiliteitprojekte te Groenheuvel (Drakenstein Munisipaliteit) en Du Noon (Stad Kaapstad);
- Verskaf aanvanklike befondsing vir die opgradering van Noordhoek (Bergrivier Munisipaliteit) en Wolseley (Witzenberg Munisipaliteit);
- Verskaf befondsing vir voltooiing van die opgradering van een bestaande biblioteekfasiliteit te Worcester (Brede Vallei);
- Dra befondsing oor aan munisipaliteite vir biblioteekpersoneel en sekere bedryfskoste deur van Voorwaardelike Toelaebefondsing gebruik te maak;
- Gaan voort met die indiensneming van UOWP-begunstigdes.

Sportdienste

Die departement verskaf sportverwante dienste in oorleg met die burgerlike samelewing en sportfederasies. Die departement poog om 'n holistiese benadering te volg wat die sielkundige, fisiologiese en geestelike ontwikkeling en welstand van die mense en hul gemeenskappe kombineer.

Die departement sal in 2018/19 sewe akademies in die provinsie ondersteun.

Sportfederasies, in vennootskap met die departement, help om te verseker dat befondsing wat vir sport ontvang word, optimaal ter voordeel van sport in die provinsie aangewend word. Nouer samewerking met munisipaliteite, federasies en die burgerlike samelewing sal ook die lewering van sport- en ontspanningsdienste in die provinsie bevorder.


Die Direkoraat Sportbevordering het gedurende die boekjaar 2017/18 saam met 123 sportfederasies in die Wes-Kaap gewerk, asook die ses distriksportsrade synde Metro, Weskus, Overberg, Kaapse Wynland, Sentraal Karoo en Eden.

Ondersteuning word ook aan alle erkende en kwalifiserende federasies verskaf deur die proses van oordragbefondsing wat tot almal se voordeel is, insluitend die Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie.

Groot geleenthede is slegs een van die belangrike elemente in Sportbevordering, want dit voeg waarde tot die daarstelling van 'n breër voetspoor en die ondersteuning van sporttoerisme en -reikwydte vir die departement, aangesien sportfederasies regdeur die provinsie bedien word.

Die Klubontwikkelingsprogram (KOP) het in 2017/18 aan 230 klubs (insluitend landelike en plaasklubs) dienste gelewer deur middel van vervoer, kapasiteit, ondersteuning aan ligas en die verskaffing van toerusting en uitrusting. Die KOP sluit die Landelike Sportontwikkelingsprogram in, waar die departement sportaktiwiteite aan verskillende gemeenskappe in die provinsie fasiliteer.

Klubs in die provinsie wat deur die departement ondersteun is:



Die afname van 2014/15 tot 2015/16 wat in die bostaande grafiek aangetoon word, is as gevolg van die vermindering in die nasionale Voorwaardelike Toelaebefondsing, aangesien befondsing nodig was vir loodsprojekte van die Klubontwikkelingsprogram in KZN en Limpopo. 'n Persentasie van die toelaag vir die Klubontwikkelingsprogram is aan daardie provinsies gegee. Die vermindering van 230 klubs vir 2017/18 is weens die deurlopende loodsprojekte in KZN en Limpopo en die nuwe klem op landelike klubontwikkeling (en op plase). Dit geld ook vir die verlaagde teiken vir 2018/19.

Die akademiestelsel word gevestig as 'n fokuspunt met die daarstelling van akademieë in Sentraal Karoo en die Overberg-distrik. Die akademiestelsel lewer dienste aan atlete deur die praktyk van talentidentifisering, voedingsdienste, gespesialiseerde opleiding en aanvullende ondersteuning.

Werknemerwelstandsdienste

Die departement is verantwoordelik vir die WKR-gimnasium wat ten doel het om 'n gesonde lewenstyl en welstand onder werknemers van die Wes-Kaapse Regering te bevorder. Teen die einde van Januarie 2017 was 256 amptenare as lede van die WKR-gimnasium geregistreer. Die gimnasium word gebruik as 'n instrument om die Wes-Kaap oor Welstand- (WoW)-program te ondersteun.

Ontspanningsdienste

Ontspanning is 'n platform vanwaar sport kan ontwikkel en groei, aangesien ontspanning 'n filosofie en etos van 'n gesonde lewe, lewenslange aktiwiteit en lewenslange leer bevorder. Ontspanning bied aktiwiteite vir alle ouderdomme en kan mense bewus maak van die potensiaal en vaardighede wat hulle besit. Voorbeelde van hierdie aktiwiteite sluit in:

- Aangepaste aktiwiteite
- Inheemse Spele-aktiwiteite
- Ontspanningsentrum-aktiwiteite en -feeste
- Jeugkampe
- Senior Burgers/Goue Spele-aktiwiteite
- Groot Stappe en
- Sport- en Ontspanningsveldtogte

Ontspanning bied daarbenewens aan individue 'n dieper insig oor die tipe lewenskanses en geleenthede wat bestaan en waarmee hulle kan verbind. Deur die fasilitering van ontspanningsgeleenthede in die provinsie, poog die departement om verbindings te fasiliteer tussen:

- Individue en hulself (individue leer hulself ken)
- Die samelewing en die jeug en die jeug en die samelewing
- Gesinne (jeug en volwassenes en andersom)
- Mense en werk (werk vir afrigters)
- Gemeenskappe (gemeenskappe speel saam)
- Individue om van siekte tot welstand te vorder

Skoolsportdienste

Skoolsport skep volgende-vlak-geleenthede aan skoolgaande jeug in ontspanning en sport, asook in kuns en kultuur. Dit word op verskeie maniere bevorder, en sluit die volgende in:

- Ondersteuning aan belangstellende skole wat aan die betrokke MGO-sentrums grens. Hierdie benadering het gehelp met buurtontwikkeling, aangesien dit die MGO-sentrums koppel aan die toepaslike ontspannings-, sport-, kuns- en kultuuraktiwiteite en -strukture wat in 'n bepaalde buurt teenwoordig is; waar dit nie teenwoordig is nie, dryf Skoolsport 'n proses wat tot die betrokke aktiwiteit en/of struktuur aanleiding sal gee, bv. 'n sportklub en/of 'n dansklub. Hierbenewens kluster Skoolsport ten minste een buurt per WKOD-gebaseerde distrik, en volg sodoende 'n meer gefokusde benadering wat as doeltreffender bewys is. As gevolg van voorgemelde is daar besluit om hierdie benadering die Buurtskool-program te noem en dit sluit die volgende in:
- Om interskooldeelname te bevorder waar geen formele deelname bestaan nie;
- Kode- en genre-spesifieke ontwikkeling, insluitend die ontwikkeling van afrigters;
- Om geleenthede te skep en bevorder vir talentidentifisering wat tot deelname aan volgende-vlak-geleenthede lei;

- Om te fokus op die ontwikkeling van distriksgebaseerde spanne wat uit geïdentifiseerde en talentvolle skoolgaande jeug opgemaak is;
- Om verteenwoordigende, distriksgebaseerde gekose spanne te ondersteun om by provinsiale toernooie deel te neem;
- Hulpverlening met die vestiging, bevordering en ondersteuning van distriksgebaseerde strukture;
- Om verteenwoordigende, provinsiegebaseerde gekose spanne te ondersteun om by nasionale toernooie deel te neem;
- Hulpverlening met die vestiging, bevordering en ondersteuning van distriksgebaseerde strukture;
- Om op Wes-Kaapse provinsiale vlak bystand te lewer aan die SOSA Ministeriële Beursprogram deur middel van die akademiestelsel, asook om ondersteuning aan die beurshouers te gee;
- Om sinergie met die onderskeie strukture, bv. die sportfederasies, te bevorder;
- Koördinering van talentidentifisering en -ontwikkeling; en
- Om die weg te baan vir die verdere ontwikkeling van talentvolle skoolgaande jeug.

Skoolsport funksioneer in die vier metrodistrikte van die WKOD, naamlik Metro Sentraal, Metro Oos, Metro Noord en Metro Suid; asook al vyf landelike distrikte, naamlik Eden, Kaapse Wynland, Sentraal Karoo, Overberg en Weskus. Die hooffokus van Skoolsport, veral in elk van hierdie nege Skoolsportdistrikte, is die bevordering van verskeie volgende-vlak-aktiwiteite en kompetisies vir skoolgaande jeug, bv. leerderdeelname aan verskeie interdistrik- en interprovinsiale kompetisies, asook geleenthede vir talentidentifisering en -ontwikkeling deur onder meer die benadering tot fokuskodes en/of fokusgenre. Skoolsport is grotendeels daarop gerig om volgende-vlak-aktiwiteite in sport en ontspanning en in kuns en kultuur op distriks-, provinsiale en nasionale vlak te bevorder en te fasiliteer. Voorts word die Buurtskoolprogram geïmplementeer om volgende-vlak-aktiwiteite regdeur die Provinsie te ondersteun, en skep sodoende 'n baan vir skoolgaande jeug om op verskillende en/of gevorderde vlakke mee te ding. Buurtskool- en Kluster-inisiatief is ingestel en word ondersteun om die volgende-vlak-konsep te versterk wat bydra tot die Provinsie se poging om die nasionale gewenste uitkoms te bereik, naamlik om 'n "Wennende Nasie" te word.

Dienste van die MGO-program (massadeelname; geleentheid en toegang; ontwikkeling en groei)

Die MGO-program is 'n naskoolse, massadeelnameprogram wat skoolgaande jeug op 'n daaglikse basis voorsien van toegang tot verskeie prettige, speel-gebaseerde en aangepaste aktiwiteite in ontspanning en sport, asook in kuns en kultuur, insluitend:

- Toepaslike kodespesifieke aktiwiteite in sport; en
- Toepaslike genre-spesifieke aktiwiteite in die kunste.

Hierdie program word regoor die Provinsie by MGO-sentrums aangebied wat óf by 'n laerskool of 'n hoërskool gebaseer is. Die laerskool-gebaseerde MGO-sentrums dien gewoonlik as die voerder na hul naburige hoërskool-gebaseerde MGO-sentrums. Sodoende kry leerders die geleentheid om vir 'n tydperk van ten minste 12 jaar deurlopende toegang tot en blootstelling aan geleenthede te kry wat deur die MGO-program aangebied word.

MGO-sentrums is grotendeels in histories benadeelde gebiede geleë. Aangesien dit die algemene konteks is waarin die MGO-sentrums gesetel is, is relatief swak fasiliteite, hulpbronne en sekuriteit, of 'n gebrek daaraan, die orde van die dag. Ten spyte van hierdie nadele en omstandighede toon 'n aantal deelnemers vaardighede en talente en die potensiaal vir verdere ontwikkeling. Die deelnemers wat die genoemde potensiaal vir verdere ontwikkeling toon, het deur middel van verskeie prosesse van talentidentifisering en -ontwikkeling die geleentheid om hul vaardighede en

talente na 'n hoër vlak te neem. Aldus kan dit aangevoer word dat deelname aan die MGO-program aan skoolgaande jeug die geleentheid gee om deel te wees van 'n talentpoel, veral met betrekking tot die kunste en sport, aangesien dit 'n wegspringplek vir hierdie jeug is om toegang tot volgende-vlak-deelname en -geleenthede te kry; Skoolsport bied hierdie soort geleenthede deur middel van verskeie inisiatiewe, projekte en programme.

Die MGO sal deur die Naskool-Spelwisselaar sy aanbod uitbrei om akademiese ondersteuning, Padvinders en verwante programme in te sluit. Die Spelwisselaar kon daarin slaag om alle relevante departemente, alle vlakke van regering en NRO's te betrek, en meer as 70 000 leerders kry gereeld (ten minste twee ker 'n week) en deurlopend (die heel jaar/die hele jaar) toegang tot naskoolse programme in 361 geen- en lae-fooi-skole. Dit sal in die jaar vorentoe verhoog word na meer as 100 000 leerders in meer as 400 skole.


Die NSSW het in die afgelope jaar daarop gefokus om die sektor te professionaliseer. Daar is gefokus op die kartering van die sektor op Edu-collaborate, kommunikasie en opleiding en sal in die komende jaar voortduur.

Die nuwe kommunikasieveldtog fokus op die voordele van naskoolse programme. Nuwe plakkaat, roosters, pamflette en video's is vervaardig. Navorsing oor die impak van naskoolse programme is uitgevoer en 'n joernaal wat deur porture geëvalueer word, *After School Advantage*, is van stapel gestuur. Hierdie werk word in die komende jaar voortgesit en sal verder versterk word met 'n fokus op kommunikasie met ouers.

Die NSSW het 'n NKR Vlak 6-kursus saam met die universiteite van Stellenbosch en Rutgers bekendgestel, asook opleiding vir kunspraktisyns en verskeie ad-hoc-werkswinkels oor belangrike vaardighede. Hierdie opleidingspakket sal in die komende jaar verder uitgebrei word, met die fokus veral op bestuursopleiding.

Samewerking met en mobilisering van skenkers sal die laaste fokus in die komende jaar wees om die volhoubaarheid van die werk ná die Spelwisselaar se termyn te verseker.

Die MGO-sentrums wat in die provinsie geleë is, word in die kaart hier onder aangedui:




5.2 Organiseriese omgewing

Organiseriese struktuur

Die departement se makrostruktuur is soos volg:

Organisational Organogram



Kritieke vakatures

INDIENSNEMING EN VAKATURES PER SALARISBAND soos op 31 Maart 2017			
Salarisband	Getal poste befonds	Getal poste gevul	Vakaturekoers (%)
Laer geskoold (vlak 1-2)	111	111	0.0%
Geskoold (vlak 3-5)	188	188	0.0%
Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8)	195	186	4.6%
Hoogs geskoold toesighouding (vlak 9-12)	86	82	4.7%
Senior bestuur (vlak 13-16)	13	13	0.0%
TOTAAL	593	580	2.2%

INDIENSNEMING EN VAKATURES PER PROGRAM soos op 31 Maart 2017			
Program	Getal poste befonds	Getal poste gevul	Vakaturekoers (%)
Program 1	107	105	1.9%
Program 2	192	186	3.1%
Program 3	221	218	1.4%
Program 4	73	71	2.7%
TOTAAL	593	580	2.2%

MH-plan 2018/19

Die volgende prioriteite is in die Menslike Hulpbron-plan geïdentifiseer:

- Werwing en keuring
- Opleiding en ontwikkeling
- Opvolgbeplanning en loopbaanontwikkeling
- Diensbillikheid/diversiteitsbestuur
- Behoud

'n Paar van die sleutelaktiwiteite soos uiteengesit in die plan wat met die geïdentifiseerde prioriteite verband hou, is soos volg:

- Verminder die vakaturekoers tot die 10% DSA-teiken.
- Verminder tyd om 'n pos binne ses maande te vul, in ooreenstemming met DSA se teiken.
- Implementeer en verbeter 'n e-Werwingstelsel om talent te werf.
- Verminder die getal kontrakwerkers na minder as 5 persent van die werkmag.
- Ontwikkeling en aanbieding van 'n opleidingsprogram in mentorskap en afrigting, en verseker dat geskikte mentors aangestel word.
- Prioriteit-studievelde moet by die kriteria vir beurstoekening ingesluit word.
- Aanbieding van transversale 'aan-boord' induksieprogram vir alle nuwe werknemers.
- Voldoen aan die gekombineerde nasionale teiken van vyf persent van die totale werkmag vir Interns en Leerderskappe.
- Aftrede- en uittredebepanning om die oordrag van vaardighede en kennis na potensiële opvolgers te verseker, met 'n spesiale fokus op kritiese en sleutelposte.
- Nakoming van gestelde EE-doelwitte en -teikens, in ooreenstemming met die Diensbillikheidsplan.
- Toenemende werwing en behoud van huidige PMG'e deur die implementering van die DSA se Werktoegang- Strategiese Raamwerk en die gebruik van die transversale PMG-databasis.
- Ontwikkel 'n strategie/raamwerk vir die behoud van talent.

- Ondersoek die uittrede-onderhoudproses met die oog op die identifisering van moontlike inisiatiewe vir behoud. Brei die ondersoek uit na alle vorme van uittrede.

Vakatures per kritieke beroep is soos volg:

INDIENSNEMING EN VAKATURES PER KRITIEKE BEROEP soos op 31 Maart 2017			
Program	Getal poste befonds	Getal poste gevul	Vakaturekoers (%)
Argivaris	17	17	0
Kultuurbeampte	6	6	0
Erfenisbeampte	5	5	0
Taalpraktisyn	5	5	0
Bibliotekaris	30	29	3.3
Museum Geesteswetenskaplike	8	8	0
Sportbevorderingsbeampte	17	17	0
TOTAAL	88	87	1.1

Stelsels en IT

Erfenishulpbronbestuur en Erfenis Wes-Kaap het 'n Erfenisinligtingbestuurstelsel ontwikkel wat hulp sal verleen met die bestuur van erfenishulpbronne, veral met die verwerking van aansoeke.

Die CASMIS (bestuursinligtingstelsel vir kultuur, kunste en sportbestuur) is ook tegnologie wat die MGO-program sal help met statistiek wat verband hou met skoolgaande kinders wat aan die naskoolse program deelneem. Een van die departement se mandate is om Wes-Kaapse regeringsdepartemente te voorsien van die vermoë om elektroniese inhoud te bestuur en om geselekteerde papierrekords met behulp van 'n inhoudbestuurstelsel te digitaliseer. Hierdie stelsel kan ook gebruik word om sakeprosesse te outomatiseer. Prosesse vir die nasporing van dokumente en fakture is tans geïmplementeer.

Akkommodasie

Die departement beset tans nege geboue wat gehuur word en 17 geboue in staatsbesit in die Wes-Kaap.

Die instandhouding van die argiefgebou is krities om die bewaring van rekords te verseker. Veiligheids- en sekuriteitsmaatreëls wat die argiefmateriaal in die gebou sal beskerm, moet voldoende wees om beskerming teen brand, oorstromings en plaë te verseker.

Planne word opgestel om die Argiewe uit te brei om bykomende ruimte vir die bewaring van argivale erfenis van die Wes-Kaap te voorsien.

Soos bespreek in die departement se plan vir die bestuur van gebruikers se onroerende bates vir 2017/18, poog die departement om die volgende te doen:

- Fasiliteer die oprigting van 'n bewaringsbehandeling- en herstelfasiliteit om nuwe versamelings te huisves en waardevolle argeologiese materiaal te berg om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te fasiliteer deur die skepping van doeltreffende en aktief funksionerende kuns- en kultuurstrukture, -aktiwiteite en -milieu; en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie te ondersteun en by te staan om hul wetgewende mandaat uit te voer.
- Fasiliteer die oprigting, huur of voorsiening van 'n geskikte ruimte as 'n alternatief vir die ou Standard Bank-gebou vir Museum- en Erfenisdienste en om die beoogde Kaapstad Museum te huisves.

- Om erfenis deur middel van museumdienste en -organisasies te bevorder en te bewaar; om voorsiening te maak vir die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kultuur en erfenis; en om geaffilieerde museums verder by te staan met die implementering van die Ordonnansie op Museums, 1975.
- Verkry bykomende ruimte in hoofkantoor vir die uitbreiding van die eenheid Finansiële Bestuur.
- Om bykomende ruimte deur die uitbreiding van die huidige Argief-gebou te verkry ten einde die argivale erfenis van die Wes-Kaap te bewaar.
- Die akkommodasievereistes van die departement moet voldoende fasilitering van verskillende verhoudings en die doeltreffende administrasie van die sport- en kulturfederasies en gemeenskapsentrums verseker. Die hoë profiel van die departement op die provinsiale front impliseer dat die akkommodasie hoogs toeganklik asook funksioneel moet wees.
- Om akkommodasie in die Wes-Kaap vir ses Sporthuise te verkry om die verskillende sportrade en hulle federasies te help om hul onderskeie mandate in die volgende dorpe te lewer: Beaufort-Wes, Oudtshoorn, Caledon, Paarl, Kaapstad en Vredenburg.
- Verkry bykomende ruimte vir die Paarl-sportkantoor.

5.3 Beskrywing van die strategiese beplanningsproses

Die departement se jaarlikse Strategiese Beplanningsessie is op 14 en 17 tot 18 Augustus 2017 gehou en is deur die departement se bestuursplan bygewoon. Die ekonomiese konteks en begrotingsprioriteite wat 'n uitwerking op die departement se plan vir 2018/19 het, is op die eerste dag deur die departement se Finansiële Bestuurskomponent voorgelê. Belangrike oorwegings en tydsraamwerke vir die Jaarlikse Prestasieplan 2018/19 en kwartaallikse prestasieverlae is deur die departement se Beplanningskomponent voorgelê.

Veranderinge aan en die huidige status van die departement se interne omgewing is ook bespreek. Dit het ingesluit: departementele kommunikasie; die instrument vir die assessering van bestuursprestasie; prestasiemonitering en -evaluering; transversale projekte soos geslagshoofstroming, die proses van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning en gesamentlike beplanningsinisiatiewe; menslike hulpbronne; vraagbestuur; akkommodasie en algemene departementele, interne korporatiewe beheer.

Die Provinsiale Minister vir Kultuursake en Sport het op die tweede en derde dag haar visie en prioriteite vir die departement voorgelê, en die Departementshoof het sy strategiese rigting uiteengesit. Die Departementshoof het die belyning van die departement se visie, missie, strategiese doelwitte en sleutelprestasie-aanwysers teenoor die Millennium-ontwikkelingsdoelwitte (MOD), die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Provinsiale Strategiese Plan voorgelê, veral PSD 2 en PSD 3.

Die Strategie Plan 2015 – 2019 se visie, missie en doelstellings is hersien, asook die implementering van die Strategiese Plan 2015 – 2019. Die departement se interne sterk punte en swak punte, en eksterne geleenthede en bedreigings is tydens die sessie bespreek. Programme is voorgelê, gevolg deur groepbesprekings, oor vorige programprestasie en -vooruitsigte vir 2018/19. Interne oorlegpleging binne programme het die konsolidasie van hierdie programinsette tot die departementele Strategiese Beplanningsessie voorafgegaan.

Hierbenewens ontmoet die departement sy begunstigdes op 'n jaarlikse basis. Die vergaderings stel die sportfederasies in staat om direk met die departement sake te doen en om verantwoording te doen vir befondsing wat deur die federasies ontvang is. Hierdie driesydige proses bevorder die beginsels van Batho Pele.

Die strategiese hersiening van die kunste-ontwikkelings- en bevorderingsprogram het uitgelig dat die areas van sukses ondersteun is deur versterkte verhoudings met munisipaliteite en implementerings-agente. Dit het uitgewys dat formele verhoudings met geïdentifiseerde munisipaliteite in die huidige klimaat van spaarsaamheid tot die versterking van kunste-ontwikkeling op plaaslike vlak sal bydra.

Die departement poog verder om nouer intra- en interdepartementele samewerking te bewerkstellig om die implementering van projekte en skepping van verdere werkgeleenthede te versterk.

Gereelde samesprekings vind tussen die departement en NRO's betrokke by kuns en kultuur en gemeenskappe plaas om toe te sien dat die programme relevant is en dat inisiatiewe in ooreenstemming met die strategiese rigting van die departement is.

Biblioteke tree ook kwartaalliks met munisipaliteite in gesprek.

Daarbenewens onderneem die departement evaluering om sy beplanningsproses in te lig. Die departement het in 2017/18 'n evaluering van sy UOWP-program uitgevoer. Die aanbevelings voortspuitend uit die evaluering sal vir implementering in 2018/19 oorweeg word.

6. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte van die departement

Die departement se strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte is:

Strategiese Doelwit 1	Om 'n doeltreffende, doelmatige en ekonomiese administratiewe diens te lewer.
Doelwitverklaring	Skep 'n bemagtigende omgewing vir tydige dienslewering deur middel van doeltreffende, doelmatige en billike korporatiewe en bestuursondersteuningsdienste aan interne en eksterne belanghebbendes om goeie, skoon en waardegedrewe korporatiewe beheer te verseker.
Regverdiging	Dit het ten doel om 'n bemagtigende en ondersteunende omgewing vir die lewering van ons kernbesigheid, naamlik kultuursake, aan alle inwoners van die provinsie te voorsien.
Skakels	PSD 5

Strategiese Doelwit 2	Om alle kultuuraktiwiteite in die Wes-Kaap te bevorder, ontwikkel en transformeer om by te dra tot nasiebou, goeie beheer, die ontwikkeling van maatskaplike en menslike kapitaal; en volhoubare ekonomiese groei en geleentheid.
Doelwitverklaring	Die bevordering, ontwikkeling en transformasie van alle kultuuraktiwiteite in die Wes-Kaap om by te dra tot nasiebou, goeie beheer, die ontwikkeling van maatskaplike en menslike kapitaal; en volhoubare ekonomiese groei en geleentheid.
Regverdiging	Die departement het 'n grondwetlike en wetgewende mandaat om die funksies met betrekking tot kultuursake uit te voer. Die departement lewer deur middel van kultuursake 'n belangrike bydrae tot nasiebou en die ontwikkeling van maatskaplike en menslike kapitaal en ekonomiese groei-geleentheid.
Skakels	PSD 1, 2, 3 en 4, NU 14

Strategiese Doelwit 3	Om volhoubare biblioteek-, inligting- en argiefdienste te bevorder, ontwikkel en transformeer.
Doelwitverklaring	Die verskaffing van biblioteek-, inligting- en argiefdienste wat sal bydra tot: <ul style="list-style-type: none"> • Nasiebou • Goeie beheer en • Die ontwikkeling van menslike kapitaal • Volhoubare ekonomiese groei en geleentheid
Regverdiging	<ul style="list-style-type: none"> • Lewer omvattende biblioteekdienste aan alle inwoners van die Wes-Kaap • Die bewaring en benutting van argivale erfenis • Argiefuitreikprogramme vir alle gemeenskappe in die Wes-Kaap • Die behoorlike bestuur en versorging van openbare rekords
Skakels	PSD 1, 2, 3, 4, 5, NU 9, NU 14

Strategiese Doelwit 4	Om maatskaplik-inklusiewe sport en ontspanningstrukture en/of -aktiwiteite te inisieer en ondersteun
Doelwitverklaring	Om maatskaplik-inklusiewe sport en ontspanningstrukture en/of -aktiwiteite te inisieer en ondersteun deur die verskaffing van toegang en geleenthede ten opsigte van deelname aan ontspanning, die MGO-program, skoolsport en sport.
Regverdiging	Die bekendstelling van 'n oop-geleentheid samelewing lei tot die verskaffing van toegang en geleentheid in aktiwiteite soos skoolsport, ontspanning en sport. Deelname aan enige en/of elkeen van hierdie aktiwiteite sal bydra tot die bevordering van sosiale insluiting, die vermindering van misdaad, geweld, dwelmmisbruik, ens. en kan moontlik tot ontspanning- en/of loopbaan-geleenthede lei.
Skakels	PSD 1, 2 en 3, NU 14

7. Oorsig van 2018/19-begroting en MTUR-beramings

7.1. Beraming van uitgawes

Program	Uitkoms van uitgawe				Aangepaste aanwending	Beraming van mediumtermynuitgawe		
	2014/15	2015/16	2016/17	2017/18		2018/19	2019/20	2020/21
R duisend								
1. Administrasie	48 419	56 400	58 962	64 099	66 365	69 690	73 685	
2. Kultuursake	101 416	100 538	106 440	110 127	111 917	113 816	119 998	
3. Biblioteek- en Argiefdienste	292 385	348 433	359 810	369 441	396 929	395 410	417 276	
4. Sport en Ontspanning	170 270	180 173	198 161	183 666	185 523	148 711	156 624	
Totaal	612 490	685 544	723 373	727 333	760 734	727 627	767 583	

Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	319 091	338 941	335 284	341 466	366 766	350 288	378 461
Vergoeding van werknemers	157 140	172 948	182 456	197 780	216 037	229 728	243 621
Goedere en dienste	161 951	165 993	152 828	143 686	150 729	128 360	134 840
Oordragte en subsidies aan:	268 042	330 127	373 782	374 365	382 891	360 251	379 399
Provinsies en munisipaliteite	170 310	207 774	228 645	244 829	254 091	267 242	281 808
Departementele agentskappe en rekeninge	4 637	3 118	3 893	3 229	3 714	2 620	2 736
Universiteite en universiteite van tegnologie							
Openbare korporasies en private ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instansies sonder winsbejag	92 292	117 394	140 584	125 549	125 086	90 389	94 855
Huishoudings	803	1 841	660	758			
Betalings vir kapitaalbates	25 153	16 329	14 157	11 475	11 077	9 288	9 723
Masjinerie en toerusting	25 115	16 288	14 157	11 475	11 077	9 288	9 723
Sagteware en ander ontasbare bates	38	41					
Betalings vir finansiële bates	204	147	150	27			
Total	612 490	685 544	723 373	727 333	760 734	727 627	767 583

7.2. Die verband tussen uitgawetendense en strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

Bovermelde begroting en MTUR-toekennings dra by tot die verwesenliking van die instelling se strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte. Veranderinge in befondsingsvlakke word per program indeel B beskryf: Programprestasie-inligting.

DEEL B: PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING

Die departement se begrotingsprogramstruktuur is soos volg:

Program	Subprogram
1. Administrasie	1.1 Kantoor van die LUR
	1.2 Finansiële Bestuursdienste
	1.3 Bestuursdienste
2. Kultuursake	2.1 Bestuur
	2.2 Kuns en Kultuur
	2.3 Museumdienste
	2.4 Erfenishulpbrondienste
	2.5 Taaldienste
3. Biblioteek- en Argiefdienste	3.1 Bestuur
	3.2 Biblioteekdiens
	3.3 Argiewe
4. Sport en Ontspanning	4.1 Bestuur
	4.2 Sport
	4.3 Ontspanning
	4.4 Skoolsport
	4.5 MGO-program

8. Program 1: Administrasie

Doel: Om algehele finansiële en strategie bestuur en administratiewe steun aan die Department van Kultuursake en Sport te verskaf.

Ontleding per subprogram:

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

Om administratiewe, kliënteskakeling- en steundienste aan die Minister vir Kultuursake en Sport te lewer.

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste

Om 'n algehele finansiële bestuursondersteuningdiens aan die DKES te verskaf, insluitende finansiële bestuursdienste aan die drie openbare entiteite wat aan die Minister vir Kultuursake en Sport rapporteer.

Subprogram 1.3: Bestuursdienste

Om 'n administratiewe steunfunksie aan die Departementshoof te lewer deur die verskaffing van 'n doeltreffende kommunikasiediens en strategiese en operasionele steundiens, insluitend 'n moniterings- en evalueringsdiens, die implementering van inisiatiewe vir die verbetering van dienslewering, effektiewe kliënteverhoudinge, of effektiewe bestuur van intra-/interregeringsverhoudinge, en om beperkte voorsiening vir instandhoudings- en akkommodasiebehoefte te maak.

8.1. Strategiese doelwitte

Die program se strategiese doelwitte dra by tot departementele strategiese, uitkoms-georiënteerde doelwit 1.

Strategiese doelwit	Om diensvoortreflikheid deur die deurlopende verbetering van finansiële bestuurspraktyke te realiseer.
Doelwit-verklaring	Ontwikkel doeltreffende beleide, stelsels en prosesse om 'n bemagtigende omgewing vir verbeterde en voortrefflike dienslewering te skep.
Basislyn	1

Strategiese doelwit	Om gepaste ondersteuning vir alle ander programme te verseker om hulle in staat te stel om dienslewering te verbeter.
Doelwit-verklaring	Verseker gepaste ondersteuning m.b.t. inisiatiewe vir diensleweringsverbetering ingelig deur Batho Pele, akkommodasie, en monitering en evaluering van prestasie om alle ander programme in staat te stel om doeltreffende en effektiewe dienste te lewer.
Basislyn	8 planne en verslae

8.2. Strategiese doelwit jaarlikse teikens vir 2018/19

Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit		PSD-skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2017/18	Mediumtermyn-teikens				
			2014/15	2015/16	2016/17		2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
1.2.1	Getal finansiële bestuurs-verbeterings-planne in plek om diensvoortreflikheid te behaal	5	-	-	1	1	1	1	1	1	1
1.3.1	Getal planne en verslae opgestel of ingedien om alle ander programme in staat te stel om doeltreffende en effektiewe dienste te lewer	5	-	-	8	8	8	8	8	8	8

8.3. Risikobestuur

Risiko 2: Onsekerheid oor die omvang van die begroting (onvoldoende begroting en kapasiteit strem die DKES se vermoë om sy mandaat te vervul om die departement se bydrae tot transversale provinsiale programme te koördineer).

Versagtingstrategie: Die DKES beplan om die begroting inkrementeel oor die MTUR-tydperk te verhoog.

8.4. Programprestasie-aanwysers en jaar- en kwartaalteikens vir 2018/19

Programprestasie-aanwyser	PSD-skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2017/18	Mediumtermyteikens								
		2014/15	2015/16	2016/17		2018/19	Verslag-tydperk	Kwartaalteikens				2019/20	2020/21	
								1ste	2de	3de	4de			
Provinsiale aanwysers														
Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste														
1.2.1	Getal planne geïmplementeer vir die verbetering van oudituitkomste en vermindering van die ouditbevindings van die Ouditeur-Generaal en Interne Ouditeur ten einde diensvoortreflikheid te behaal	5	-	1	-	1	1	Jaarliks	-	-	-	1	1	1
Subprogram 1.3: Bestuursdienste														
1.3.1	Getal dokumente vir Batho Pele-/diensleweringverbetering opgestel	5	2	2	2	2	2	Tweejaarliks	-	1	-	1	2	2
1.3.2	Getal evaluerings uitgevoer (verwant aan monitering en evaluering)	5	1	1	1	1	1	Jaarliks	-	-	-	1	1	1
1.3.3	Getal kwartaalike prestasiemoniteringsverslae opgestel	5	-	-	4	4	4	Kwartaalike	1	1	1	1	4	4
1.3.4	Getal GBBP'e ingedien	5	-	-	1	1	1	Jaarliks	-	-	-	1	1	1

8.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

Beraming van uitgawes

Program 1: Administrasie

Subprogram	Uitkoms van uitgawe			Aangepaste aanwending	Raming van mediumtermyn-uitgawe		
	2014/15	2015/16	2016/17		2017/18	2018/19	2019/20
R duisend							
Kantoor van die LUR	5 537	8 338	7 752	8 247	8 365	8 699	9 267
Finansiële Bestuursdienste	23 445	26 329	28 003	31 687	32 363	33 783	35 597
Bestuursdienste	19 437	21 733	23 207	24 165	25 637	27 208	28 821
Totaal	48 419	56 400	58 962	64 099	66 365	69 690	73 685

Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	45 608	52 037	55 076	60 183	63 573	67 127	71 019
Vergoeding van werknemers	35 880	42 193	45 202	48 558	51 360	54 850	58 200
Goedere en dienste	9 728	9 844	9 874	11 625	12 213	12 277	12 819
Oordragte en subsidies aan:	116	902	20	428	14	14	15
Provinsies en munisipaliteite							
Departementele agentskappe en rekeninge	18	20	20	5	14	14	15
Universiteite en universiteite van tegnologie							
Openbare korporasies en private ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instansies sonder winsbejag							
Huishoudings	98	882		423			
Betalings vir kapitaalbates	2 688	3 438	3 859	3 488	2 778	2 549	2 651
Masjinerie en toerusting	2 688	3 432	3 859	3 488	2 778	2 549	2 651
Sagteware en ander ontasbare bates		6					
Betalings vir finansiële bates	7	23	7				
Totaal	48 419	56 400	58 962	64 099	66 365	69 690	73 685

Prestasie- en uitgawetendense

Die begrotingstoewysing styg met 3,5 persent of met R2,266 miljoen in 2018/19, vanaf R64,099 miljoen in 2017/18 (aangepaste toewysing) tot R66,365 miljoen in 2018/19.

Vergoeding van werknemers sluit in voorsiening vir salarisaanpassing van 8,4 persent vir 2018/19, 8,5 persent vir 2019/20 en 8,5 persent vir 2019/20 (hierdie syfers sluit 'n maksimum van 1,5 persent salarisprogressie en 0,5 persent vir prestasiebonus in).

9. Program 2: Kultuursake

Doel: Om kuns- en kultuur-, museum-, erfenis- en taalverwante dienste aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer.

Ontleding per subprogram:

Subprogram 2.1: Bestuur

Om strategiese bestuursondersteuning aan Kultuursake te lewer.

Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur

Om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te fasiliteer deur die skepping van inklusiewe, doeltreffende en aktief funksionerende kuns- en kultuurstrukture, -aktiwiteite en -milieu; en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie te ondersteun en by te staan om hul wetgewende mandaat uit te voer.

Subprogram 2.3: Museumdienste

Om die transformasie van die Wes-Kaap se erfenis te versnel deur die lewering van museumdienste om die erfenis van die provinsie deur die geaffilieerde museums te bewaar, ontwikkel en bevorder.

Subprogram 2.4: Erfenishulpbronbestuursdienste

Om Erfenis Wes-Kaap te ondersteun en by te staan om beduidende erfenishulpbronne te identifiseer, beskerm, bewaar, bestuur en bevorder ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999; om aangeleenthede m.b.t. Wêrelderfenisterreine in die Wes-Kaap te fasiliteer ingevolge die Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999; om prosesse vir die standaardisering of verandering, waar nodig, van geografiese name in die Wes-Kaap te fasiliteer deur die mandate van die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 op provinsiale vlak te implementeer.

Subprogram 2.5: Taaldienste

Om veeltaligheid in die Wes-Kaap te bevorder om dienslewering en toeganklikheid te verbeter; om die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief te bevorder; om die implementering en monitering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te fasiliteer; en om administratiewe en bestuurs-ondersteuning aan die Wes-Kaapse Taalkomitee te bied om hul wetgewende mandaat uit te voer.

9.1. Strategiese doelwitte

Die program se strategiese doelwitte dra by tot departementele strategiese, uitkoms-georiënteerde doelwit 2.

Strategiese Doelwit 1	Om artistieke dissiplines en kultuuraktiwiteite in lewensvatbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap te omskep.
Doelwitverklaring	Bevordering van respek vir kulturele diversiteit en omskepping van artistieke dissiplines in lewensvatbare geleenthede deur die koestering van talent en uitnemendheid; en die uitbreiding van breedgebaseerde deelname aan en waardering vir die kunste binne alle gemeenskappe deur kuns- en kultuurprogramme.
Basislyn	54 kuns- en kultuurorganisasies ondersteun.

Strategiese Doelwit 2	Om aan openbare entiteite en staatsorgane waaroor die DKES toesig hou doeltreffende en doelmatige professionele en administratiewe steun te verskaf en die uitsette van hierdie instellings te monitor en evalueer.
Doelwitverklaring	Die verskaffing van doeltreffende en doelmatige professionele, administratiewe en finansiële steun aan die openbare entiteite en staatsliggame waaroor die DKES toesig hou.
Basislyn	<ul style="list-style-type: none"> • Erfenis Wes-Kaap. • Wes-Kaapse Kultuurkommissie • Wes-Kaapse Taalkomitee • Die Wes-Kaapse Komitee vir Provinsiale Geografiese Name. • 29 geaffilieerde museums.

Strategiese Doelwit 3	Om die transformasie van die Wes-Kaap se erfenis te versnel deur die lewering van museumdienste om die erfenis van die provinsie deur die geaffilieerde museums te bewaar, ontwikkel en bevorder.
Doelwitverklaring	Versnelling van die transformasie van die Wes-Kaapse erfenislandskap deur die lewering van dienste om die erfenis van die provinsie deur geaffilieerde erfenisinstellings te identifiseer, bewaar, ontwikkel en bevorder.
Basislyn	<ul style="list-style-type: none"> • 29 geaffilieerde museums • Die Wes-Kaapse Komitee vir Provinsiale Geografiese Name. • Erfenis Wes-Kaap.

Strategiese Doelwit 4	Om veeltaligheid te bevorder, taalkundige wanbalanse van die verlede reg te stel en die ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde tale asook Suid-Afrikaanse Gebaretaal in die Wes-Kaap te bevorder.
Doelwitverklaring	Die bevordering van veeltaligheid, die regstelling van taalkundige wanbalanse van die verlede en die bevordering van die ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde tale asook Suid-Afrikaanse Gebaretaal deur die implementering en monitering van die Wes-Kaapse Taalbeleid en die verskaffing van taalsteundienste aan die Wes-Kaapse Regering.
Basislyn	<ul style="list-style-type: none"> • Goedgekeurde en ingefaseerde implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid in alle provinsiale regeringsdepartemente en instellings. • Ses byeenkomste van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalforum. • Vier aktiwiteite gerig op die bevordering van veeltaligheid, die herstel van taalkundige wanbalanse van die verlede en die bevordering van die ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale. • Twee projekte gerig op die bevordering van die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse Gebaretaal. • Verskaffing van drie taalsteundienste – vertaling, redigering en tolking.

Strategiese Doelwit 5	Om aktiwiteite te bevorder wat kan bydra tot maatskaplike insluiting en samehörigheid, nasiebou en transformasie.
Doelwitverklaring	Die bevordering van aktiwiteite wat kan bydra tot nasiebou en transformasie deur op die belangrike openbare vakansiedae programme aan te bied om nasionale waardes te bevorder.
Basislyn	Drie programme/projekte wat fokus op die bevordering van die waardes inherent aan ons nasionale openbare vakansiedae en nasionale en provinsiale simbole.

9.2. Strategiese doelwit jaarlikse teikens vir 2018/19

Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit	PSD-skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2017/18	Mediumtermteikens					
		2014/15	2015/16	2016/17		2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
2.1	Getal artistieke dissiplines en kultuuraktiwiteite in lewensvatbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap omskep	3	96	51	67	50	322	347	347	347	347
2.2	Getal openbare entiteite en staatsorgane van professionele en administratiewe	3	33	32	34*	34	34	34	34	34	34

Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit		PSD-skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2017/18	Mediumtermyteikens					
			2014/15	2015/16	2016/17		2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
	ondersteuning voorsien											
2.3	Getal ingrypings om die erfenislandskap in die provinsie te transformeer	3	-	-	-	30	5	5	5	5	5	5
2.4	Getal projekte om veel-taligheid te bevorder, taalkundige wanbalanse van die verlede reg te stel en die ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde tale asook Suid-Afrikaanse Gebaretaal in die Wes-Kaap te bevorder.	3	7	9	6	6	9	9	9	9	9	9
